

CHAIRMAN: Before I begin, I would just like to say the following:

The commission has had its fair share of in-correct and incomplete reporting and has learned to live with it. It has also had more than its fair share of correct and complete reporting for which it is thankful. My attention has however, been drawn to an article written by one Powell, I may say in fairly disrespectful terms in the Weekly Mail. The article has not only upset me, but also legal teams from all sides. To report that Mr Nofemela's legal team is worried by Mr Maritz's onslaught can only be interpreted as an (10) attempt to influence me in the assessment of the veracity of his evidence. The statement that an attempt by police lawyers to discredit Nofemela's evidence was exposed in a closed hearing of the Harms Commission is false. There was no closed hearing. There was simply no hearing. I have not seen Mr Bosigo's foot or ankle or for that matter Mr Bosigo. I have not been shown a bullet wound above his ankle. The attack on Mr Maritz's integrity is, even assuming the correctness of the facts, scurrilous. The statement that the commission had earlier agreed to take evidence from (20) Coetzee in London is equally false. It follows that the statement that I am now balking at the prospect, is also false. In conclusion, Mr Maritz did not draw the article to my attention, nor did I have contact with him since its publi-cation.

MR LUITINGH: Mr Chairman, before Mr McNally starts, I have a communication to make to you, if I may, regarding certain de-velopments over the weekend pertaining to the people I re-present, amongst others, the Lubowski family in this particular case. In order to make the disclosure to you (30)

I/...

I have to place certain facts on record which I believe are public

communications. Firstly Mr Chairman, it goes about the fact that certain evidence was placed before you as was agreed previously in this hearing in the Lubowski-matter. On that occasion I requested to be part of that inquiry. Mr McNally however, gave assurances that he was of the view that I should not be part of that inquiry and on the basis that you, Mr Chairman would consider that evidence in its entirety, for amongst others, the purpose of disclosing at a later stage, or considering what evidence could be disclosed, what (10) evidence should remain in camera and how that evidence was to be dealt with, you then heard that evidence in the presence of my learned friend Mr McNally and my learned friend Mr Burger.

CHAIRMAN: No, Mr Burger was not present.

MR LUITINGH: Oh, was Mr Burger not present?

CHAIRMAN: No.

MR LUITINGH: I am indebted to you for that Mr Chairman.

Subsequently I asked you to make the disclosures of that evidence to me and you undertook to do so which you in fact did, gave me what you considered to be the thrust of that (20) evidence.

I said to you at that stage, which was in chambers Mr Chairman, that I was alarmed at the lack of particularity, because it was embarrassing, in the sense that we did not know what the allegations against us were and apparently the S.A.D.F. at that stage were not going to make their case any clearer than was in fact in any event public knowledge by, in the newspapers prior to then. Nevertheless, it was the attitude of the Lubowski family that they would continue to try to assist this commission by investigating the aspects that you have disclosed to us and I want to state at this stage, (30)

Mr Chairman/...

and inherent in that was the fact that we would investigate these accounts and come up with a form of reconciliation in order to try and formulate at least an issue with which we could get to grips with the South African Defence Force. One of those accounts was an account by the name of Paridasha Trust and it was amongst others over a long period of time and many entries. It was our intention to actually look at this account to see whether or not we could give you any clarity about issues to be formulated. On approach- (10) ing the bank last week for the entire account in order to be able to reconcile that account and in order to try to make sense of some of the allegations we found that the South African Defence Force had threatened at that stage, to issue a section 118 certificate which would have barred the bank from disclosing that information to us, it being our account in any event. Mr Chairman they subsequently, I am told, have served a section 118 certificate which exempts you Mr Chairman, but for the rest the contents of that account is barred to the rest of the world. Mr Chairman, I do not want to make (20) any submissions on the validity of that, but ... (intervenes)

CHAIRMAN: Well I was totally unaware until now.

MR LUITINGH: That is so, well certainly as far as my information is concerned. Mr Chairman, as far as the validity of the certificate is concerned, it is our intention to challenge it.

However, we foresee that it will be a most undesirable situation to have this issue currently being dealt with in two legal forums, such as for instance an application before the supreme court.

We do not accept that the South African Defence Force has the right and authority to have issued (20) the/...

K21.0186

- 521 -

the certificate and on the contrary, for myself Mr Chairman, I might say that I consider that their conduct is high-handed.

However, in order to try to resolve this impasse, in order to get

on with the job that we have been asked to do we request you possibly to take up this issue with the South African Defence Force to see if we can get pass the situation, failing which we will have no option but to approach the supreme court to have the section 118 certificate set aside and all the relief, which we are not keen to do. In the spirit of re-conciliation, also in the spirit of actually trying to get(10) to the bottom of this Mr Chairman in closing I may just say that I consider their conduct to be completely contrary to the spirit of the State President's speech made on 1 March 1990 in which he said that these matters will be exposed to the bone I also consider it to be completely contrary to general Malan's

attitude that he will give full co-operation to this commission.

If we are not given access to our own accounts to try to identify dispute which he is hitherto, not being able to put to us, it is going to make life almost impossible for us and so in the circumstances I ask you in such time (20) and if you think it is possible to consider taking the matter up with him and to give us, to allow us access our own account.

CHAIRMAN: Yes Mr Luitingh, I will duly consider your request and I shall return to you in due course.

MR LUITINGH: I am indebted to you Mr Chairman.

MR McNALLY: Our first witness today is one who has given evidence already, I recall Johann Petrus Wright. His further statement has been prepared and is marked C9.

JOHANN PETRUS WRIGHT, nog steeds onder eed: (30)

ONDERVRAGING/...

K21.0250

- 522 -

WRIGHT

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Net om die kommissie weer in die prentjie te stel, is u 'n luitenant-kolonel in die Suid-Afrikaanse polisie gestasioneer te speurtak Suid-Afrikaanse

Polisie-hoofkantoor in Pretoria? -- Dit is korrek.

Het u hierdie verklaring BEWYSSTUK C9 opgestel? -- Dit is korrek.

Sal u dit asseblief aan die kommissie verder voorlees?

-- Ek is 'n beampte van hierdie kommissie. Op 13 Maart 1990 om 10h00 het ek kantore 1047 tot 1049 by die Park Lane Hotel te Hillbrow, Johannesburg deursoek. Hierdie kantore was (10) aan my uitgewys deur die eienaar van die hotel, mnr. Alex Kovouras.

Ek het op dokumente beslag gelê wat aangedui het dat hierdie kantore aan mnr. Staal Burger behoort het. Ek het verder beslag gelê op 100 x 9mm patrone, 50 x 30,06 patrone asook 12 AK 47 patroondoppies. Ek kon geen projekte van die BSB in hierdie kantore of die kluis vind nie. Uit dokumente in my besit het ek vasgestel dat Van Zyl van die BSB se skuil-name Andries Rossouw en Thinus de Wet is. Ek het ook uit do-kumentasie waarop ek by die BSB beslag gelê het vasgestel dat Van Zyl gekoppel is met 'n projek genaamd "Goldie". (20)

Uit die finansiële verrekeningsregister van Street 6 het ek 'n uittreksel van die finansies wat vir projek "Goldie" aangewend is, gemaak. Hierdie uittreksel maak deel van my verklaring uit en is gemerk aanhangsel "A". Hieruit blyk dit dat die bedrag van R88 371,50 oor die tydperk 24 April 1989 tot 27 September 1989 ten opsigte van projek "Goldie" deur Abram van Zyl verreken is, terwyl Staal Burger (wie se administratiewe van Brummer was) tussen 12 Junie 1989 en 30 November 1989 die bedrag van R8 570,00 verreken het ten opsigte van dieselfde projek.

(30)

En/...

K21.0325

- 523 -

WRIGHT

En die volle uittreksel van die projek "Goldie" word aangeheg?

-- Dit is korrek.

As aanhangsel "A" né? -- Dit is korrek.

Dit sluit die ondervraging af.

GEEN VERDERE VRAE

MNR McNALLY: Die volgende getuie is Abram van Zyl. Ek verstaan dat u 'n reëling met sy regsverteenwoordiger gemaak het dat hy deur sy eie advokaat gelei mag word. Dit is ad-vokaat Du Toit wat teenwoordig is. So hy sal die getuie lei. Die gedagtes van die beamptes van die kommissie, mnr. die (10) Voorsitter is dat hierdie getuie sy getuienis-in-hoof gee en dat hy dan onder kruisverhoor geneem word alvorens ons met verdere getuies voortgaan. Ek vra dat die ander betrokkenes aandag aan daardie gedagte gee.

ABRAM VAN ZYL, v.o.e.

VOORSITTER: Kan ek net die verklaring kry. Ekskuus tog, ek het nou nie 'n afskrif van die verklaring nie.

MNR. McNALLY: Ek verstaan dit sal C10 wees. Ek verstaan dat afskrifte beskikbaar is by mnr. Vlok indien die ander partye dit wil aankoop. (20)

MNR. DU TOIT: Ek dank u mnr. die Voorsitter. Kan ek net myself op rekord plaas, aangesien ek nog nie op rekord is nie. Ek verskyn saam met my geleerde kollega, mnr. Van Eeden, in opdrag van Botha, Du Plessis en Kruger vir die getuie. Mnr. die Voorsitter, alvorens ek die getuie lei, wil ek kortliks net sekere feite op rekord plaas met u toestemming. Nou dié getuie het by sy vrylating ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, ingevolge waarvan hy aangehou is 'n dagvaarding ontvang van die kommissie en hy het aanvanklik sekere opsies oorweeg en die eerste was die moontlikheid (30)

dat/...

K21.0404

- 524 -

VAN ZYL

dat hy in moontlike toekomstige strafsake as 'n getuie aangewend kan word, want die probleem het ontstaan dat hy openhartig sy

getuienis aan u wou lewer, maar dat hy homself moontlik kon inkrimineer ten opsigte van sekere misdrywe. Dit het geblyk dat 'n onderneming in daardie verband tans nie moontlik is nie en daarom het hy dit oorweeg om van die privilegie teen selfinkriminasie gebruik te maak en vir 'n wyle het hy ook oorweeg om dit inderdaad op daardie basis aan te bied. Na sorgvuldige oorweging en advies het hy egter be-sluit om ten volle openhartig te wees en hier voor u (10) getuienis af te gee sonder om van sy privilegie teen self-

inkriminasie waar dit moontlik relevant mag wees gebruik te maak.

Nou dit geskied in die volle bewussyn dat wat hy hier sê teen hom as getuienis aangewend kan word derhalwe by latere moontlike verrigtinge sou daar sulke verrigtinge wees.

ONDERVRAGING DEUR MNR. DU TOIT: Mnr. van Zyl, u is woonagtig te Florida. U het tans u eie sake-onderneming met 'n hoof-kantoor in Sandton. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: As dit sou die situasie bereik kan u die getuie maar sy verklaring laat lees ook u weet sonder dat u dit, (20) maar as u dit vinniger andersins kan behandel, maak dit nie saak nie. MNR.

DU TOIT: Mnr. die Voorsitter dit is 'n redelike lang verklaring, ek verkies nietemin om hom deur sekere dele ook te neem en ek het reeds dit met die beampptes van u kommissie uit-geklaar, hy het inderdaad 'n afdruk van sy verklaring voor hom, ek dank u. Eerstens kan u dan net lees waar u u alge-mene agtergrond vir die kommissie gee vanaf bladsy 2, paragraaf 4 van u verklaring? -- Ek is te Tulbagh op 31 Desember 1960 gebore en het my skoolopleiding voltooi aan (30)

die/...

K21.0480

- 525 -

VAN ZYL

die Hoërskool Tulbagh in 1978. Ek het in November 1978 by die Suid-Afrikaanse polisie aangesluit en soos volg diens ge-lewer

aan die Suid-Afrikaanse polisie:

Konstabel te Bramley polisiestatie, 1979 tot ongeveer 1981.

Ekskuus as ek u onderbreek, u is derhalwe direk na die polisie nadat u u skoolopleiding voltooi het? --Dit is korrek.

Konstabel te Jeppe Misdaad-eenheid vir ongeveer twee jaar en daarna verbonde aan Diepkloof onluste-eenheid vir 'n maand nadat die misdaad-eenheid ontbind is;

Sersant en adjudant-offisier vanaf 1983 tot 1984 te die (10) speurtak vir strafsake te John Vorsterplein;

Adjudant-offisier te 1985 te Brixton moord en roof eenheid en luitenant aldaar in 1987.

Ek is in 1988 getroud en het 'n twee maande oue seun.

Gedurende ... (tussenbei)

Goed, u kan dan voortgaan vanaf Mei 1988.-- Gedurende Mei 1988 is ek vanaf die Brixton moord en roof eenheid verplaas, waar ek toe steeds 'n luitenant was, ekskuus tog, ek lees weer vir u, gedurende Mei 1988 is ek vanaf die Brixton moord en roof eenheid waar ek steeds 'n luitenant was verplaas na (20) Pietermaritzburg moord en roof eenheid waar ek tweede-in-bevel van daardie tak sou wees.

Kan u net 'n oomblik verpoos. U sou dus tweede-in-bevel wees van die Pietermaritzburg moord en roof eenheid, die bevelvoerder watter rang sou hy gehad het? -- Ook 'n luitenant.

Ook 'n luitenant? -- Maar meer senior as ek.

Goed. -- Maar ek is voor my verplasing deur Staal Burger, voorheen 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse polisie en voorheen hoof van die Brixtonse moord en roof eenheid genader. Hy het my meegedeel dat hyself, Chappie Maree en Calla Botha vir (30)

die/...

K21.0543

- 526 -

VAN ZYL

Matthysen Busvervoerbesigheid gaan werk.

Kan u onthou wanneer hierdie toenadering geskied het min of

meer? -- Dit was teen die einde van Aprilmaand gewees.

Goed van 1988? -- Dit is so. Ek is ook deur Burger mee-gedeel dat die Matthyses Busvervoerbesigheid slegs 'n front was en dat hulle in die Suid-Afrikaanse Weermag sou werk by die afdeling spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag, dat hulle prakties hulle range sou behou en dat aantreklike salarisse betaal sou word.

Ekskuus tog, ek dink u het net een sin uitgelaat, (10) daar bo aan bladsy 3. Die eerste sin. Toe u genader was deur Burger hier in April 1988 wat het hy u meegedeel? Dit is die eerste sin op bladsy 3. -- Dat hy en Chappie Maree en Calla Botha na Matthysen Busvervoerbesigheid sou gaan.

Ja goed en u is toe meegedeel dat dit inderdaad slegs 'n front sou wees? -- Dit is korrek.

Ja, gaan maar voort. -- Burger het gesê dat ek 'n onderhoud met mnr. Joe Verster moes gaan voer wat die hoof van die spesiale magte sou wees. Hy het gesê dat hyself, Maree en Botha oor 'n paar dae vir Joe Verster sou gaan sien en (20) dat hulle my sou saamneem. Ek het daartoe ingestem. Dit was gedurende Mei 1988 dat ek 'n onderhoud gehad het met Joe Verster wat ek verneem het 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse Weermag was, asook die besturende direkteur van die Burgerlike Samewerkingburo (oftewel die BSB) in die Ponti-gebou in Johannesburg. Daar het ek vir Joe Verster en Christo Brits ontmoet.

En 'n Christo Brits. Weet u of dit sy regte naam is, hierdie naam? -- Nee, mnr. die Voorsitter, dit is 'n skuil-naam.

(30)

En/...

K21.0606

- 527 -

VAN ZYL

En weet u wat sy regte naam is? -- Nee. Verster het my alleen in 'n vertrek te woord gestaan en my meegedeel dat hy van die Suid-Afrikaanse Weermag is en dat daar 'n eenheid genaamd BSB binne spesiale magte bestaan. Hy het aangedui dat hierdie eenheid as

burgerlikes saam met die weermag opereer en hoewel die doelstellings van die eenheid nie op hierdie stadium in detail aan my uitgespel is nie, is ek meegedeel dat die eenheid die vyande van die Republiek van Suid-Afrika ontwrig. Hy het my voorts meegedeel dat die Suid-Afrikaanse Weermag 'n binnelandse streek sou stig by name Streek VI (10) om die vyand van die Republiek van Suid-Afrika binnelands te ontwrig. Die volgende algemene motivering is deur Verster aan my voorgehou, welke feite ook aan my persoonlik bekend was. Gedurende die laaste paar jaar in die 1980's het die klem in Suid-Afrika van misdaadverwante sake verskuif na vei-ligheidsverwante sake. Ek was die geleentheid gegun om by 'n Elite eenheid van die weermag te gaan werk wat ek as 'n groot eer beskou het. Ek was bewus van die feit dat die vyande van die Republiek van Suid-Afrika op daardie stadium 'n verwoede aanslag op die land geloods het ten einde die regering (20) tot 'n val te bring. Ek was van oortuiging, veral na my gesprek met Verster, dat die veiligheidsmagte van die Republiek ook in 'n geheime oorlogvoeringsituasie met die vyand gewikkel was. Dit was 'n situasie wat ter wille van oorlewing my simpatie en belangstelling gewek het. Dit het vir my duidelik geraak dat die konvensionele wyse van oorlogvoering op daardie stadium in die buiteland nie doeltreffend was nie en dat optrede op 'n geheime wyse binnelands teen die vyand nodig was. Ek wil ook meld dat die binnelandse aanvalle deur bom-ontploffings en andersins van die African National (30)

Congress/...

K21.0668

- 528 -

VAN ZYL

Congress en andere groot lewensverlies en skade in die binneland van die Republiek van Suid-Afrika veroorsaak het.

Verwys u nou na die bomontploffings wat verskeie plekke in die Republiek plaasgevind het in restaurante ensovoorts waarin daar mense gedood en ook beseer is? -- Dit is heeltemal korrek.

Daar was ook die agtergrond van die binnelandse aan-slag gedurende 1984 tot 1986 waarbinne daar daadwerklike pogings aangewend is deur die vyand om die Republiek en verskeie streke in die Republiek onregeerbaar te maak deur binnelandse optrede.

(10)

Is dit 'n verwysing nou na die gebeure wat onder meer gelei het tot die afkondiging van die noodtoestand en daarmee gepaardgaande noodmaatreëls ensovoorts? -- Dit is wel so. Ek het ook op 'n vorm in my regte naam my besonderhede ver-strek waarin ek vir die werk aansoek gedoen het en ek is meegedeel dat ek 'n veiligheidsklaring sou deurgaen en dat die weermag daarna na my toe sou terugkom.

Aan wie het u die vorm oorhandig? -- Mnr. Verster.

Was dit in die Ponti-gebou, in Berea in Johannesburg? -- Dit is korrek. (20)

En hierdie gesprek, wanneer het dit plaasgevind? -- Dit was vroeg in Meimaand gewees.

Van 1988? -- Van 1988. Ek is ook meegedeel dat die salaris dié van die polisie by ver sou oorskry, maar dat die presiese salaris later aan my verskaf sal word. Ek het die vorm voltooi en dit aan Verster oorhandig. Ek is later mee-gedeel dat ek aangestel is vanaf die begin van Mei 1988 en dat ek 'n salaris van ongeveer R3 500 per maand sou ontvang.

Ja, net 'n oomblik. Nou hoe het dit vergelyk met die salaris wat u op daardie stadium as 'n luitenant in die (30)

Suid-Afrikaanse/...

K21.0726

- 529 -

VAN ZYL

Suid-Afrikaanse Polisie ontvang het? -- Dit was aansienlik beter.

Ek praat van minstens R1 000 verhoging 'n maand.

En dié mededeling is ook deur Verster aan u gemaak? -- Dit is korrek.

Goed. -- Daar was 'n skriftelike salarisaanbod aan my gemaak

deur Verster. Ek is ook meegedeel dat daar 'n motortoelaag sou wees waardeur 'n motor aangekoop kon word en met R30 000 wat later deur Matthysen Busvervoer aan my verskaf is het ek 'n BMW 318i aangeskaf.

Ja, wil u net vir die voorsitter vertel hoe die (10) voertuig gekoop is asseblief? -- Ja, die geld was beskikbaar gestel deur die organisasie BSB deur ons streekbestuurder mnr. Burger, aan mnr. Chris Matthysen. Hy het die kontantgeld in besit geneem en die maatskappy of eerder die voertuig waarna ek hier verwys gekoop met 'n maatskappytjek uitgereik in Matthysen Busvervoer se naam.

Goed, u kan voortgaan, u het ook verstaan ...? -- Ek moet meld dat die geld via Matthysen Busvervoer deur die Suid-Afrikaanse Weermag aan my verskaf is. Ek het ook verstaan dat 'n petroltoelaag van R0,18 per kilometer betaal sal word (20) en dat my verdere onkoste in die loop van my diens by die BSB as deel van spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag deur die weermag betaal sou word. Ek is verder meegedeel dat daar pensioenbydraes teen ongeveer R800 per maand ontvang sal word en het ook in Mei of Junie 1988 een jaar se bydraes ontvang. Hierdie bydraes het 'n polis gekoop wat vir my pensioen moes sorg. Ek wil ook meld dat ek later 'n telefoontoelaag op 'n maandelikse basis van die Suid-Afrikaanse Weermag ontvang het, asook my mediese kostes wat op bewys van sodanige kostes deur die Suid-Afrikaanse Weermag betaal (30)

is/...

K21.0797

- 530 -

VAN ZYL

is. Voorts is ek in staat gestel deur die weermag om 'n huis-lening te bekom. Vanaf ongeveer Mei 1988 het ek by Matthysen Busvervoer gewerk wat 'n front was vir die BSB. Gedurende die ses maande vanaf Mei tot die einde van 1988 was daar ontmoetings by die Ponti-gebou met Verster en Brits. Gedurende hierdie tydperk het

ek ook vir generaal Joubert van die Suid-Afrikaanse Weermag by twee geleenthede in die Ponti-gebou ontmoet. Hy is aan my voorgestel deur Verster en ek het verstaan dat generaal Joubert die voorsitter was van die eenheid wat bekend gestaan het as die BSB. Ek is deur (10) generaal Joubert ingelig dat hy 'n lid van die generalestaf van die weermag is en ook dat hy die voorsitter van die ...

(tussenbei)

Die BSB was. -- Hy die voorsitter was van die BSB. Ons is meegedeel dat daar 'n gedragskode bestaan tussen die weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie wanneer 'n lid van die een inrigting na 'n ander oorgaan, dat daar 'n tydperk sou verloop waarbinne hy hom nie aktief sou bemoei met aangeleenthede nie ten einde wrywing en ander probleme te verhoed. Ons sou dus nie aktief wees vir die eerste ses maande nie. (20) Is daar aan u gesê basies dat u op die ys sou wees vir ses maande? -- Dit is korrek. Ons het gedurende Januarie 1989 aktief begin funksioneer vir die BSB hoewel kleinere takies reeds verrig is soos hieronder sal blyk.

Gedurende diè maande wat ek onaktief was het ek steeds 'n salaris op 'n maandelikse basis ontvang.

Ek wil net hê u moet voortgaan en verduidelik hoe u u salaris ontvang het en of daar bonusse betaalbaar was en-sovoorts? -- Ja, die salaris was gewoonlik elke einde van die maand in kontant in koeverte aan ons oorhandig. Dan was (30)

hierdie/...

K21.0864

- 531 -

VAN ZYL

hierdie salarisse aan mnr. Matthysen of sy finansiële direkteur oorhandig wat dan vir ons maatskappytjeks uitgereik het in ontvangs van die kontantgeld. Daar was, afgesien van 'n 13de salaristjek ook twee produksiebonusse beskikbaar.

Ekskuus, u sê produksiebonusse? -- Dit is korrek.

En hoe was dit betaalbaar? -- Dit was betaalbaar ook in kontant

en gedurende Meimaand en Novembermaand.

Het u so 'n produksiebonus ontvang in u dienstydperk by die weermag? -- Ek het wel die Meimaand produksiebonus ontvang, November was ek reeds - het ek reeds bedank. (10)

En wat het u bonus in Meimaand van 1989 bedra? -- Plus-minus R3 000.

Het u belasting betaal op die salaris wat u ontvang het? -- Ja.

Wil u net in paragraaf 16 verduidelik hoe dit gewerk het asseblief, u kan 15 oorslaan? -- Belasting is ten opsigte van my salaris afgetrek deur Matthyssen Busvervoer, ongeveer R460 per maand. Die geld is in 'n koevert en in kontant oorhandig en gewoonlik was die R460 belasting in 'n aparte koevert. Ek wil vir u byvoeg dat ons belasting was reeds afgetrek (20) wanneer ons die salaris ontvang het. Afgetrek in dié sin van die woord dat dit was apart gewees en daar was vir ons uitdruklik gesê die aparte bedrag is vir belastingdoeleindes en dit moet betaal word.

Ek was dus vanaf Mei 1988 'n vol-tydse lid van die Suid-Afrikaanse Weermag verbonde aan die Burgerlike Samewerkingsburo, Streek VI, deel van die spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag en voltyds in diens van die staat. Ek het ook vanaf daardie datum die byvoordele soos voormeld ontvang.

Ja, goed, u kom nou by die onderwerp, naamlik 'n (30)

kursus/...

K21.0934

- 532 -

VAN ZYL

kursus wat u vroeër in 1989 bygewoon het, wil u daarmee handel asseblief? -- Sekerlik. Vroeg in 1989 het ek met Burger, Maree en Botha 'n kursus deurloop op 'n Suid-Afrikaanse Weermagplaas buite Pretoria. Die kursus het vyf dae geduur. Daar was verskeie persone wat lesings gegee het tydens die kursus, ingeslote Jaco, Verster en 'n persoon genaamd Heiner. Tydens die kursus is ons ingelig rondom die eenheid asook wat van ons verlang sou word.

Ons is meegedeel dat hierdie eenheid en spesifiek ons streek enersyds 'n inligtingseenheid was, maar dat daar ook optredes geloods word uit hoofde van die ingesamelde inligting met die oog daarop om die vyande van die Republiek binnelands maksimaal of algeheel te ontwrig. Hoewel ons van tyd tot tyd inligting sou inwin is dit aan ons duidelik gestel dat ons belangrikste taak ontwrigting sou wees van die vyand in die binneland van die Republiek van Suid-Afrika, asook in die buiteland. Ons is soos volg ingelig oor die struktuur van die BSB:

1. Daar bestaan 'n buitekring en 'n binnekring.

2. Die binnekring is lede in die daadwerklike sin van die woord van die BSB, dit wil sê ons werk vir die (20) weermag op 'n voltydse basis en ons is ook bewus daarvan dat ons so vir die weermag op 'n voltydse basis werk. Hierdie is die sogenaamde bewustelike lede.

En hulle maak dan die kern uit van 'n sel? -- Dit is korrek.

3. In die buitekring is daar persone wat deur ons aangewend word wat nie voltydse lede van die weermag is nie en wat ook nie weet dat hulle vir die weermag of vir die BSB werk nie en na hulle is verwys as buitewerkers. Dit is die sogenaamde onbewustelike lede. (30)

Maak/...

K21.0998

- 533 -

VAN ZYL

Maak hulle deel uit van die sel hoegenaamd? -- Nee.

Hulle word basies onbewustelik deur die sel aangewend? -- Dit is korrek.

Onbewustelik van hulle kant gesien? -- Dit is korrek.

4. Die onmiddellike eenheid waarin ons gewerk het, was 'n sel en die binnekring het uit 'n hoeveelheid lede bestaan soos hierbo aangedui, asook 'n koördineerder wat die skakel was tussen die sel en die besturende direkteur van die BSB.

Hy het hoofsaaklik gehandel met finansiering, die opdragte,

die goedkeuring van (10) projekte ensovoorts.

Kan ons net 'n oomblik daar stilstaan. Nou die streek, die sel waarin u gewerk het, wie was die koördineerder? -- Dit was mnr. Christo Brits.

5. Die streekbestuurder was die hoof van die streek en het direk geskakel met die besturende direkteur en die voor-sitter.

Die streekbestuurder was die hoof in onmiddellike sin van die woord van die streek en ons het ons opdragte van hom of van die besturende direkteur self ontvang. Hierdie opdragte moes nagekom word. (20)

6. Die besturende direkteur, wat bevel voer oor die streke in die algemeen en inderdaad in bevel is van die BSB.

7. Die voorsitter was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag generalestaf en oorhoofs in bevel van die BSB.

Ons is voorts meegedeel dat ons werksaamhede die insameling van inligting, voorlegging van verslae en uitvoering van opdragte in die vorm van goedgekeurde projekte sou wees. Die BSB het 'n prioriteitsklas aan vyande toegeken en die vyande is geïdentifiseer as die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, die A.N.C. en ander verbode organisasies en hul lede, (30)

beide/...

K21.1062

- 534 -

VAN ZYL

beide van links en regs. Ons is meegedeel dat die streekbestuurder verslae wat 'n lid opstel aan die koördineerder sou oorhandig en dat die koördineerder dit aan die besturende direkteur sou oorhandig wat verder daarmee sal handel. Indien 'n projek aangewese is uit hoofde van die inligting en verslag, kry ons opdrag om 'n voorstudie te doen en dit vir goedkeuring voor te lê. Wanneer goedkeuring verkry is van die besturende direkteur en die voorsitter word die projek uitgevoer en later sou die streekbestuurder terugvoering gee wat betref die projek.

Ons is voorts meegedeel dat die (10) ontwrigting van die vyand

byvoorbeeld kon bestaan van die breek van 'n venster tot die doodmaak van 'n persoon en dat dit afhang van die prioriteitsklas.

Wie sou die prioriteitsklas toeken om te bepaal of die aksie sou wees binne hierdie klasse, naamlik van die breek van 'n venster tot die doodmaak van 'n persoon? -- Die voorsitter.

Goed. -- Die organisasie sou teikens identifiseer uit hoofde van hulle beskikbare inligting, waarna ons opdragte ontvang. Daar is dus van verskeie skuilname gebruik gemaak en ons moes ook die eed in terme van die Wet op (20) Beveiliging van Inligting neem.

Waar het u dié eed geneem? -- In die Ponti-gebou.

Teenoor wie? -- Mnr. Verster.

Was dit alleen of in die teenwoordigheid van die ander sellede? -- Dit was alleen gewees. Ons is ook meegedeel dat die BSB 'n koverte organisasie is. Tydens die kursus is daar ook aan ons verduidelik dat ons onbewustelike lede sou werf wat nie ons werklike identiteit sou kon vasstel nie en ook nie moes vasstel nie. Voor die aanvang van die kursus is die skuilnaam Andries Rossouw aan my toegeken. (30)

En/...

K21.1131

- 535 -

VAN ZYL

En dan is daar ook 'n ander naam genoem, naamlik Tinus de Wet. Wil u net kortliks nou daarmee handel? -- Ja, die naam Tinus de Wet was deur myself verkies vir die hoofsaaklike rede vir die verkry van 'n "pager" sodat daar kontak kon wees tussen myself en die onbewustelike lede wat ek hanteer het.

Dit behels dus dat binne-in die organisasie was u bekend as Andries Rossouw en aan die onbewustelike lede van wie u gebruik sou gemaak het in die uitvoering van u projekte was u dan bekend as Tinus de Wet? -- Dit is korrek.

Goed. -- Ek wil ook meld dat daar tydens die kursus (10) deur die besturende direkteur aan ons gestel is dat ons van

vervolgning gevrywaar sou wees vir geweldsdade wat ons pleeg tydens die uitvoering van goedgekeurde projekte. Ons moes toesien dat ons optrede nie teruggevoer kan word na die weer-mag nie. Die argument was dat die weermag en dus die staat die dade ter uitvoering van die projekte goedgekeur het en dat ons derhalwe nie daarvoor vervolg sou word nie, aangesien die land ook binnelands in 'n oorlogsituasie verkeer het.

Kan ek net vir u vra, wat uself betref, persoonlik het u dit gesien dat die land op daardie stadium in daardie tye (20) in 'n binnelandse oorlogsituasie verkeer het? -- Baie beslis.

Goed, ons kan net later daarna terugkom, wil u voortgaan.

Ons is meegedeel dat die dade teen die vyande van die Repu-bliek van Suid-Afrika gerig word. Ons is ook meegedeel dat hierdie vyande persone is wat die staatsveiligheid in gevaar stel en teen wie die Suid-Afrikaanse Polisie nie kon optree nie en dat sulke persone die teiken is van die BSB. Hierdie teiken sou 'n prioriteitsklas verkry. Ek moet ook meld dat persone van ver-regse organisasies wat die staat in gevaar sou stel ook die teikens van die BSB sou wees, soos wat dit (30)

ons/...

K21.1204

- 536 -

VAN ZYL

ons meegedeel is. Projekte is ons meegedeel, kon deur bewustelike lede van die BSB self uitgevoer word nadat dit goedgekeur is wanneer dit 'n lae risiko projek was. Onbe-wustelike lede (ook bekend as indirekte lede) sou aangewend word vir die uitvoering van hoë risiko projekte wat goedgekeur is. Die rede hiervoor was dat die optrede nie teruggespoor moes word na die BSB nie. Gedurende die kursus is dit aan ons herhaal dat ons vier lede op die kursus 'n nuwe sel sou vorm wat hoofsaaklik binnelands aktief sou wees en wat as Streek VI bekend sou staan.

(10)

Nou het u die indruk gekry dat Streek VI dus spesifiek in

die binneland aktief sou wees van die Republiek van Suid-Afrika in hierdie binnelandse oorlogsituasie soos wat dit gesien is?

-- Dit is korrek.

Het u die indruk gekry dat hierdie sel of streek op die been gebring is spesifiek om te handel met hierdie binnelandse oorlogsituasie soos wat dit gesien is? -- Ja, baie beslis. My projeknaam was "Goldie" en die projekte wat ek aangebied het, sou onder daardie naam geregistreer word.

Ekskuus, kan ons net 'n oomblik stilstaan. Waar sou(20) dit geregistreer word? Deur die organisasie, maar waar, het u geweet waar hulle kantore was en so aan?-- Nee, ek het nie presies geweet waar die kantore was nie. Ek het wel geweet dat dit by een of ander weermag-hoofkwartier was.

En u het nie geweet waar dit was nie? -- Nee, in Pretoria.

Het u ooit toegang gehad tot die stukke of die dokumente wat hulle gehou het tot op datum? -- Nie tot op datum nie. Al wat ek weet van die dokumentasie is dit wat ek voorgelê het en dit wat ek gesien het toe ek nog 'n lid was. (30)

Is/...

K21.1254

- 537 -

VAN ZYL

Is u toegelaat om ooit enige afdrukke te hou van enige dokumente wat uself voorgelê het of wat u gesien het op enige stadium? -- Geensins.

Het u enige afdrukke gehou van sulke dokumente? -- Nee, ek het geen afdrukke gehou nie.

Nou vermoedelik sou daar nou in hierdie kantore van die organisasie onder u projeknaam "Goldie" die projekte wat vanaf u kom nadat u nou 'n instruksie in dié verband gekry het, sou dan geregistreer word deur personeellede van die organisasie, maar u weet nie hoe dit gewerk het nie? -- Dit is korrek. (10)

Goed, het die streek, hierdie nuwe Streek VI wat na die binneland sou omsien, soos u verstaan het, ook 'n projeknaam gehad?

-- Ja, dit was "Joyce" gewees, die naam "Joyce".

Goed, u kan voortgaan met die administratiewe prosedure. -- Die administratiewe prosedures wat voorgeskryf is, is ook aan ons tydens die kursus verduidelik en basies kom dit ooreen met die prosedures soos omskryf deur brigadier Pfeil.

Aan die kommissie? -- Aan die kommissie, dit is reg. Ons is ook meegedeel dat Streek VI die enigste streek sou wees (20) wat binnelands aktief is, maar ons is nie meegedeel of ons self die enigste sel in Streek VI sou wees nie en of daar nog ander selle in dieselfde streek aktief sou wees nie. Ons is meegedeel dat selle nie onderling van mekaar se aktiwiteite bewus moes wees nie. So daar is nie

'n ander streek binne die weermag wat die binneland op die basis hanteer het wat u dit sou doen nie, maar u weet nie of daar nog selle in u streek doenig was nie? -- Dit is heeltemalkorrek.

En geld dit tot vandag toe. Is u bewus van enige (30) ander/...

K21.1322

- 538 -

VAN ZYL

ander selle wat in die streek doenig was? -- Nee, ek is nie bewus van enige ander selle nie. Op die kursus is ons ook meegedeel hoe die aanbieding en goedkeuring van projekte sou verloop. 'n Bewustelike lid sou inligting insamel, uit hoofde waarvan 'n projek aan hom opgedra kon word en waarin vermeld sou word wie of wat die teiken sou wees en volledige besonderhede verskaf sou word gepaardgaande met motivering. Hierdie word 'n voorstudie genoem. Onbewustelike lede wat aangewend word gedurende die projekte se name sou ook vermeld word, met die aandeel wat sodanige lede in die projek sou gehad het. (10) 'n Begroting van geld word vir die voorgestelde projek beraam en word deel van die voorstelling. Die bewustelike lid wat die projek motiveer sou dit onderteken en dit word dan aan die koördineerder oorhandig wat dit aan die streekbestuurder oorhandig. Indien die

streekbestuurder dit goedkeur sal hy die voorstudie teken en dit deurgee na die besturende direkteur met sy aanbeveling. Indien die projek goedgekeur word, sal 'n sogenaamde "inhuis" gehou word deur die streekbestuurder en die besturende direkteur met die lid.

Nou dit sal later blyk dat hierdie "inhuis" in (20) hotelle plaasgevind het en in hotelkamers basies? -- Dit is korrek.

Tydens so 'n inhuis word daar 'n mondelinge voorlegging deur die koördineerder aan die besturende direkteur gedoen in die teenwoordigheid van die lid, die koördineerder, die streekbestuurder en die besturende direkteur. 'n Bespreking vind plaas en daarna word die inhuis ook op skrif geplaas, deur die besturende direkteur goedgekeur en hy lê dit voor aan die voorsitter van die BSB. Hierdie voorlegging staan bekend as 'n tweede inhuis wat gehou word wanneer die besturende direkteur, die koördineerder en die voorsitter (30) teenwoordig/...

K21.1390

- 539 -

VAN ZYL

teenwoordig is. Die voorsitter kan die projek goedkeur of afkeur.

Alle projekte moes deur die voorsitter goedgekeur word.

Wil u handel met die begrippe "rooiplan" en "blouplan"?

-- Die begrippe "rooiplan" en "blouplan" is tydens die kursus aan ons verduidelik. Die rooiplan het behels daardie werksaamhede van die lede wat gemik sou wees op die bevordering van die doelstellings van die BSB. Die blouplan het behels 'n privaat beroep of sake-onderneming wat elkeen van ons moes bedryf en wat as 'n front sou dien en as 'n (10) sekerheidsmaatreël. Die ooreenkomste was dat winste deur so 'n private-onderneming gelewer na die betrokke lid sou gaan. Die eerste blouplan wat ons gehad het was Matthysen Busvervoer. My maandelikse salaris is deur my in kontant ontvang en ek het dan die kontant aan Matthysen oorhandig. Die nodige inkomstebelasting is gevorder en 'n maatskappytjek in die naam van Matthysen Busvervoer is aan my gegee. Vanaf Mei 1988 tot einde Maart 1989 het ek my salaris

maandeliks op hierdie wyse ontvang.

Goed, ek wil net vra dat u so 'n klein bietjie meer (20) besonderhede gee rondom die voertuig, die aankoop van die voertuig in paragraaf 30? -- Gedurende Mei 1988 is 'n bedrag van R30 000 aan Matthysen oorhandig en hy het die voertuig waarmee ek my werk vir die BSB sou verrig, naamlik die BMW 318i aangekoop. Die registrasiesertifikate met betrekking tot die motor was in my eie naam, maar ek het 'n blanko verandering van eiendomsreg onderteken wat aan die koördineerder oorhandig is as voorsorgmaatreël wanneer ek die organisasie verlaat. Ek was geregtig om my voertuig vir my blouplanne asook rooiplanne aan te wend en ek kon dit ook vir privaatdoeleindes aanwend/...

K21.1462

- 540 -

VAN ZYL

aanwend. Ek het 'n maandelikse ritboek bygehou. Teen die einde van November 1988 het ek vir my 'n "pager" aangeskaf wat bedoel was om vir die rooiplanne aangewend te word.

Dit wil sê die bedrywighede in die organisasie waarmee u doenig sou raak? -- Dit is heeltemal korrek. Ek het die "pager" gehuur vir 'n periode van een jaar teen ongeveer R1 200 per jaar en die geld is deur die BSB betaal. Die doel van die "pager" was basies vir kontak deur onbewustelike lede.

Ek wil ook meld dat Matthysen geen kennis van enige van ons projekte of bedrywighede gedra het nie sover my kennis (10) strek. Op 'n stadium het die besturende direkteur opdrag gegee dat ons ons eie fronte moes verkry en dat almal nie meer by Matthysen Busvervoer behoort te werk nie. Ek is op 1 Maart of 1 April 1989 by Matthysen weg en het my eie sake-onderneming geopen. Die BSB het onder meer die huur van my kantore en ander sekretariële dienste betaal. My blouplan sake-onderneming was baie suksesvol. Ek het later 'n vennoot in die besigheid ingeneem maar sy uitgawes en salaris is deur die sake-onderneming self gedra. Ek wil ook meld dat my vennoot nie bewus was van my verbintenis aan die BSB nie,

(20) hoewel hy daarvan ingelig is nadat ek uit die BSB bedank het soos wat ek hieronder sal beskryf. Die ander lede van die sel het ook blouplanne gestig wat goedgekeur is nadat die planne aan die BSB se besturende direkteur voorgelê is en ek is bewus daarvan dat die blouplanne finansiëel ondersteun is.

Betekén dit dat elkeen van die sellede wat in dieselfde sel as u gedien het, het ook 'n privaatonderneming of 'n privaat beroep met finansiële ondersteuning van die weermag bedryf om as 'n front te dien vir die BSB bedrywighede? -- Dit is korrek so. Ek het aktief in die BSB organisasie begin(30)

optree/...

K21.1536

- 541 -

VAN ZYL

optree vanaf Januarie 1989. Ek is meegedeel dat die goed-keuring dat ons nou aktief kon raak gekom het van die voor-sitter van die BSB, generaal Joubert.

Wie het u so meegedeel? -- Mnr. Verster. Ek is meegedeel dat die Kaapprovinsie aan my toegeken is as gebied waarvoor ek verantwoordelik sou wees.

Kan ons net daar stilstaan? Wie het u hierdie mededeling gemaak? -- Die streekbestuurder.

En het u daaronder verstaan dat in hierdie Streek VI die Kaapprovinsie aan u toegeken is? -- Dit is korrek, ja. (10)

En dat u verantwoordelikheid sou aanvaar vir die ontwrig-ting van die vyand binnelands in daardie provinsie deel van die Streek VI? -- Dit is heeltemal korrek so.

Goed. -- Ek het reeds in Oktober 1988 'n besoek aan Kaap-stad gebring om 'n onbewustelike lid te werf wat ek kon gebruik. Ek het my broer telefonies meegedeel dat ek op soek is na 'n persoon met kontak in die kriminele wêreld, wat self 'n krimineel is en wat as beriggewer sou kon dien vir diefstalle by Matthyssen Busvervoer. Ek het nie my broer ingelig omtrent my betrokkenheid by die BSB nie en hy het (20) gesê dat hy vir 'n geskikte persoon

sal uitkyk. Later het hy my in kontak gestel met 'n persoon genaamd "Peaches" en ek het myself as Thinus aan Peaches voorgestel. Ek het aan Peaches gesê dat ek hom in verband met sakebelange sou wou ontmoet en ons het 'n afspraak gereël om mekaar by die Goue Akker in Kaapstad te ontmoet. Ek is na 'n hotel in Kaapstad waar ek vir Peaches ontmoet het en waar ek hom voorgestel het aan die streekbestuurder. Die streekbestuurder het 'n onderhoud met Peaches gevoer en Peaches is meegedeel dat ons vir 'n groep sakemanne van oorsee werk en dat ons die groep se

(30)

sakebelange/...

K21.1610

- 542 -

VAN ZYL

sakebelange in Suid-Afrika wou beskerm.

Waar het dié gesprek plaasgevind? Dit was in Oktober 1988.

Nou u sê by die Goue Akker. Was dit in 'n restaurant of waar? -- Nee, die gesprek het plaasgevind in die Cape Sun.

Hotel? -- Hotel.

Was dit binne-in 'n kamer wat bespreek was? -- Binne-in 'n kamer wat gehuur was ja.

Wie het die kamer gehuur? -- Die streekbestuurder, mnr. Burger het die kamer gehuur.

Goed. -- Peaches moes uiteraard nie weet dat ons vir (10) die staat of die BSB werk nie. Peaches is gevra of hy enige kontakte binne die A.N.C., U.D.F. en ander radikale organisasies het. Hy het geantwoord dat hy heelwat mense ken. Hy is meegedeel dat ons in die organisasies belangstel omdat hulle handeling teen die regering, die beleggings van die sakemanne vir wie ons werk in gevaar stel en dat hy ver-goed sou word vir werk wat hy vir ons doen. Peaches het inge-stem om vir ons te werk en ons het toe R20 kontant aan Peaches gegee.

Wie het dit aan hom oorhandig? -- Ek het dit per- (20)
soonlik aan hom oorhandig.

En waar het dié geld vandaan gekom? -- Dit was my persoonlike geld gewees. Ek het Peaches meegedeel dat ek hom telefonies sou kontak en hy het die hotelkamer verlaat. Ek en die streekbestuurder het die volgende dag na Johannesburg per vliegtuig teruggekeer.

Wie het die onkoste verbonde betaal? -- Die BSB.

Goed. -- In Johannesburg het ek die besonderhede van Peaches op skrif gestel en die verslag onderteken met die streekbestuurder en dit is oorhandig aan die (30)

koördineerder/...

K21.1670

- 543 -

VAN ZYL

koördineerder. Die verslag het volle besonderhede van Peaches bevat en ek meen dat die verslag wat ek aan die be-sturende direkteur gerig het in die lêer "Goldie" geliasseer sou gewees het.

Kan ons net daar ook weer stilstaan? Die besonderhede sou verskaf word en dan sou dit dan iewers waar die kantore ookal mag wees, sal dan geregistreer, geliasseer word, dit sal daar gehou word, maar u weet nie hoe dit daar presies gewerk het nie? -- Dit is heeltemal korrek. Ons het uit die aard van die saak nooit by die administratiewe kantore gekom (10) nie, weens sekere redes sodat lede van die weermag nie vir ons identifiseer as lede van die BSB nie. Ek het Peaches omtrent twee weke later uit Johannesburg geskakel en hy wou toe van my weet of ek nie 'n lid van die veiligheidspolisie was nie. Ek het dit ontken en het aanvaar dat hy my glo. Ek het verder vir hom gesê dat ek hom vroeg Januarie 1989 in die Kaap sou sien. Ek is ook in Januarie 1989 per vliegtuig na die Kaap met die oog daarop om Peaches se betroubaarheid na te gaan in opdrag van die streekbestuurder en die koördineerder.

Wie het die koste betaal? -- Die BSB. In die Kaap (20) het ek met Peaches kontak gemaak by 'n restaurant waar ons 'n

ete genuttig het en ek het aan hom 'n pakkie wat ek verseël het gegee met die opdrag dat hy dit by 'n kafee moes gaan af-lewer.

Ek het aan hom gesê dat daar 'n vuurwapen in die pakkie was wat hy onder geen omstandighede moes oopmaak nie. Binne-in die pakkie wat uit 'n kartondosie bestaan het was daar bloot twee plat klippe verpak. Die opdrag was dat Peaches die pakkie die volgende oggend om 10h00 moes aflewer. Daar is reëlings getref by die kafee dat die pakkie ontvang sou word en dat dit afgehaal sou word en die volgende dag (30)

omstreeks/...

K21.1741

- 544 -

VAN ZYL

omstreeks 10h00 is ek na die kafee waar Calla Botha, wat saam met my in die Kaap was, die pakkie gaan afhaal het. Botha het die pakkie aan my oorhandig en ek was tevrede dat Peaches sy opdrag nagekom het. Ek het aan Peaches die bedrag van R200 oorhandig vir die aflewering van die pakkie. Ek het hom ook meegedeel dat ek later weer met hom sou kontak maak en ek en Botha is dieselfde dag of die volgende dag terug na Johan-nesburg. 'n Verslag is oor die projek aan die besturende direkteur gedoen in skrif en die koördineerder het dit op die voorgeskrewe wyse deurgevoer.

(10)

Mnr. die Voorsitter as u my net 'n oomblik vergun? Hier-die was 'n toetsprojek om sy betroubaarheid na te gaan, dink ek het u gesê? -- Dit is heeltemal korrek. Ek het van tyd tot tyd met Peaches kontak gemaak en hy met my. Hy het van die "pager" wat ek gedra het gebruik gemaak en my geken as Thinus de Wet. Vroeg in Februarie het ek ses persone se name en adresse ontvang vanaf die koördineerder en die streek-bestuurder. My opdrag was om die besonderhede van die persone te bevestig wat na bewering lede van SWAPO was. Die name en adresse kan ek nie onthou nie, maar dit was in die Kaap. (20) Ek het my aansoek vir 'n voorskot ingedien, asook die opdrag wat ek ontvang het en in Februarie 1989 is ek

na die Kaap per vliegtuig waar ek vir Peaches ontmoet het. Ek het aan Peaches die besonderhede van die persone gegee met die opdrag dat hy die besonderhede moes nagaan en bevestig. Dit was nog in Februarie 1989 toe Peaches my op my "pager" gekontak het en mee-gedeel het dat hy een van die ses persone opgespoor het en hy het die besonderhede aan my verskaf van 'n adres in Athlone.

Ek het die besonderhede aan die koördineerder gerapporteer. Aan die einde van Februarie of die begin van Maart 1989 is ek (30) weer/...

K21.1832

- 545 -

VAN ZYL

weer af Kaap toe waar ek vir Peaches ontmoet het om die besonderhede van die gemelde persoon te bespreek. Hy het ook vir my vermeld dat hy twee ander persone gewerf het wat vir my sou werk. Ek het die besonderhede van die SWAPO-lid mondelings vanaf Peaches ontvang wat my meegedeel het dat die SWAPO-lid 'n mikrobus gehad het waarmee hy A.N.C.- en U.D.F.-lede daaglik vervoer het na 'n terroristeverhoor wat in die Kaap aan die gang was. Ek het die besonderhede van die mikrobus verskaf ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, hy het. -- Ekskuus tog, hy het die (10) besonderhede van die mikrobus verskaf, asook die adres waar die bussie geparkeer sou word. Ek het ook die besonderhede van die twee persone wat nou vir my sou werk vanaf Peaches ontvang, naamlik die besonderhede van twee kleurlingmans Ismail en Iszak, ook bekend as Gakkie. Ek het dieselfde dag die twee persone by die hotel ontmoet... (tussenbei)

MNR DU TOIT: Watter hotel was dit? Kan u onthou? -- Ek kan nie die naam op hierdie stadium onthou nie.

Goed, maar dit was 'n hotel in die Kaap?-- In die Kaap. Ek het dieselfde dag die twee persone by die hotel ontmoet(20) en het my aan hulle voorgestel as Thinus de Wet met dieselfde weergawe as wat ek aan Peaches verskaf het. Hulle het aange-dui dat hulle

by my diens sou aanvaar en ek het onderneem om hulle weer te kontak.

Ek het ook aan hulle my nommer van die "pager" gegee en hulle versoek om verbode organisasies soos die A.N.C. en die U.D.F. te infiltreer. Ek het hulle elkeen R200 gegee. Daardie aand is ek terug per vliegtuig na Johan-nesburg en het al die besonderhede rakende die lid van SWAPO asook die twee lede skriftelik aan die koördineerder meege-deel. Die koördineerder het my min of meer 'n week (30)

later/...

K21.1900

- 546 -

VAN ZYL

later opdrag gegee om 'n voorstudie vir 'n projek in te dien dat die betrokke mikrobus uitgebrand moes word. Ek het so 'n projek opgestel en dit aan die koördineerder oorhandig wat dit aan die streekbestuurder voorgelê het. Die voorstel was dat die mikrobus deur Ismail uitgebrand sou word by die adres waar dit in die aand the Athlone geparkeer is. 'n Inhuis was gehou en later het ek goedkeuring vir die projek ontvang.

Vanaf wie?-- Vanaf die streekbestuurder, asook die kontantvoorskot ten bedrae van ongeveer R1 500 wat aan Ismail betaal sou word na die uitvoering van die projek. (10)

Gedurende die eerste twee weke van Maart 1989 is ek na die Kaap waar ek Ismail ontmoet het en hom meegedeel het wat hy behoort te doen. Ek het die besonderhede van die mikrobus en die plek aan Ismail verstrek. Die opdrag was dat hy die mikrobus in die aand moes brand en dat hy my die volgende dag sou ontmoet wanneer die opdrag uitgevoer was. Hy het my die volgende oggend by die hotel waar ek tuisgegaan het gespreek en my meegedeel dat die bussie uitgebrand is. Ek wou seker maak dat hy die waarheid praat en het Peaches gebel wat die feit bevestig het. Nadat ek tevrede was op sy bevestiging (20) dat die bussie wel uitgebrand is het ek R1 500 kontant aan Ismail oorhandig en dieselfde dag teruggevlieg na Johannesburg waar ek verslag gedoen het op die gebruikelike wyse.

Aan? -- Aan die streekbestuurder. Ek het nooit weer van Ismail gebruik gemaak hierna nie. Ek moet ook meld dat ek later vasgestel het dat die bussie nooit uitgebrand is nie omdat daar nie so 'n bussie bestaan het nie. Daar was 'n begroting ingedien vir die maandelikse salaris van Peaches en daar is besluit dat hy R1 480 per maand sou verdien en ek het by twee geleenthede daardie bedrag in sy rekening inbetaal(30)

asook/...

K21.1984

- 547 -

VAN ZYL

asook by 'n derde geleentheid die bedrag aan hom oorhandig. Dit was gedurende Maart 1989 dat ek van mening geraak het dat die gehalte van Peaches se werk nie bevredigend was nie en daar is besluit dat hy slegs vergoed sou word vir werk wat hy gelewer het en dat die maandelikse betaling nie meer sou geskied nie. Ek het dit met die streekbestuurder bespreek. Op 'n stadium het ek in opdrag van die streekbestuurder Peaches versoek om inligting te bekom en te laat bekom ten aansien van prominente radikale figure in die Weskaap-streek. Peaches het aan my besonderhede rondom advokaat Omar verstrek teen (10) die einde van Maart 1989. Die inligting het ondermeer behels dat hy die streeksekretaris van die U.D.F. in die Weskaap was en dat hy ook verbonde was aan die uitvoerende bestuur van verskeie ander verbode organisasies, maar ek kan nie nou die name van die organisasies onthou nie. Ek is ook meegedeel dat die organisasie fronte was vir die organisering van op-roer en geweldpleging ten einde die regering tot 'n val te bring. Die inligting wat ek bekom het is skriftelik aan die koördineerder oorhandig en 'n paar dae later in 'n woonstel het die koördineerder die inligting aan my bevestig en opdrag aan my gegee om 'n voorstudie te doen om Omar te elimineer. Later het ek opdrag van die koördineerder ontvang om 'n projek te registreer in dié verband. 'n Week later is ek per vlieg-tuig na die Kaap waar ek Peaches ontmoet het en toe aan hom gesê het dat hy 'n plan

moet voorlê om Omar te elimineer. Peaches het voorgestel dat hy twee mense kry om vir Omar by sy woning dood te skiet en dat hy my van die tersaaklike besonderhede voorsien. Ek het teruggekeer na Johannesburg waar ek die projek voorgelê het, dit is onderteken en aan die koördineerder voorgelê. Die streekbestuurder het die verslag (30)

geteken/...

K21.2069

- 548 -

VAN ZYL

geteken en dit deurgevoer na die besturende direkteur. 'n Week later is ek deur die streekbestuurder ingelig dat ek 'n inhuis ten opsigte van die geval moes bywoon. Die inhuis is in die Rosebank hotel gehou in 'n kamer waartydens ek, die koördineerder, die streekbestuurder en die besturende direkteur die geval bespreek het en dit besluit is dat Omar by sy woning met 'n Makarov-pistool geskiet moes word.

Net 'n oomblik, kan u net min of meer sê wanneer hierdie plaasgevind het? Ek weet dit is moeilik, maar min of meer? -- Ek sal reken hier gedurende die einde van Maart, moontlik (10) vroeg April.

Van 1989?-- Van 1989. Die wapen moes van 'n knaldemper voorsien word sodat daar nie aandag getrek word nie. Twee onbewustelike lede wat Peaches sou werf en wat aan my onbekend was sou die daad verrig. Peaches sou die twee persone vergoed en hy sou 'n totale som van R15 000 ontvang waaruit hy die twee persone moes vergoed. Die BSB sou die vuurwapen en 'n knaldemper aan my voorsien met 'n magasyn en sewe rondtes. Die besturende direkteur ... (tussenbei)

Ekskuus tog, waar sou die geld vandaan kom? Kan ons (20) dit net...? -- Die geld kom uit die aard van die saak ook van die BSB.

Ja, goed. -- Die besturende direkteur het die projek

goedgekeur en hy het gesê dat hy dit so sou motiveer aan die voorsitter. 'n Paar dae later is ek deur die streekbestuurder in kennis gestel dat die projek soos aangebied, goedgekeur was en dat hy die vuurwapen aan my sou voorsien. 'n Dag of wat later het ek die streekbestuurder by sy woning ontmoet, waar hy 'n Makarov-pistool met 'n knaldemper en 'n vol magasyn aan my oorhandig het. Dit was in 'n blou (30)

plastieksak/...

K21.2155

- 549 -

VAN ZYL

plastieksak. Hy het die pistool uitgehaal en die werking daarvan aan my gedemonstreer en ek het die pistool in my bagasiebak bewaar.

Ek is per motor na die Kaap en het vir Peaches in die Kaap ontmoet waar ek die vuurwapen in die blou plastieksak in 'n aktesak aan hom gegee het. Hy het my mee-gedeel dat hy weet hoe die wapen werk. Ek het aan Peaches genoem dat hy R15 000 sou ontvang en is die volgende dag terug na Johannesburg. Ek het geen beloning ontvang vir hierdie projek of vir enige ander projek nie, afgesien van my salaris.

In Johannesburg het ek aan die streekbestuurder mondeling (10) oorgedra wat betref die vordering van die projek. Ek is drie dae daarna deur Peaches meegedeel dat hy ... (tussenbei)

Nadat hy u ge-"page" het, ja. -- Nadat hy my ge-"page" het dat hy twee mense gekry het om die werk te doen en dat die twee persone elkeen R2 500 vooruit as betaling wou hê. Die streekbestuurder het my opdrag gegee om 'n aansoek vir 'n voorskot van R15 000 in te dien en ek het dit by die koördineerder ingedien.

Kort daarna het ek die bedrag in kontant van die koördineerder ontvang en ek het dit in die bankrekening van Peaches in Johannesburg inbetaal, dit wil sê (20) R5 000 daarvan. R10 000 wat oor was het ek in die brandkluis in my huis gehou. Peaches wou my per ... (tussenbei)

Sou my ...? -- Sou my per "page" kontak met die boodskap "die

son skyn" indien die ... (tussenbei)

Ekskuus, die boodskap sou wees "die son skyn"? -- "Die son skyn" indien die projek uitgevoer was. Die projek het gesloer vir vier tot vyf maande en Peaches het nie vordering met die projek gemaak nie. Daarop het ek vir Ferdie Barnard gevra om gedurende Julie, Augustus en September 1989 vir Omar te monitor. Ek wil net byvoeg dat ek my wantroue rondom (30)

Peaches/...

K21.2234

- 550 -

VAN ZYL

Peaches met die streekbestuurder opgeneem het by meer as een geleentheid. Ferdie Barnard is Kaap toe gedurende Julie 1989, as ek reg onthou, vir die eerste keer en het my daar in 'n hotel ontmoet. Ek het Barnard ingelig rondom die goedge-keurde projek ten opsigte van Omar. Ek het dit aan hom genoem dat ek bekommerd was oor die betroubaarheid van Peaches. Ek het Peaches se besonderhede vir Barnard gegee en ek het Peaches aan Ferdie Barnard voorgestel. Ek is later deur Barnard meegedeel dat Omar op verskillende tye huis toe kom en dat daar gewoonlik mense saam met hom by die huis (10) arriveer. Ek het die probleme rondom die projek met die streekbestuurder terugrapporteer maar ons het besluit om voort te gaan met die projek. Op hierdie stadium is daar sterk druk op my uitgeoefen dat die Omar-projek nou vordering moes toon en ek is terug na Johannesburg waar ek teen ongeveer die middel van Augustus 1989 besluit het dat Barnard weer afge-stuur moet word na Kaapstad toe met die opdrag om opnuut vir Omar te monitor.

Net 'n oomblik, mnr. die Voorsitter ek merk op dat dit amper tien oor is, ons wil met 'n nuwe onderwerp begin, (20) sal dit vir u gepas wees as ons op hierdie stadium verdaag.

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

ABRAM VAN ZYL, nog steeds onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. DU TOIT: Kan ek u neem na

paragraaf 43 op bladsy 29 van die verklaring wat u voorberei het en waar u nou met 'n nuwe projek waarmee u gemoeid was begin handel. -- Ek doen dit graag: Intussen is, tydens 'n selvergadering in 1989 met die streekbestuurder, die koördi-neerder, Botha en Maree teenwoordig in 'n hotelkamer naby Sandton opdrag deur die streekbestuurder gegee dat ek, die(30)

streekbestuurder/...

K21.2316

- 551 -

VAN ZYL

streekbestuurder self en Maree na die Kaap moes gaan om 'n fetus van 'n apie in 'n konfytbottel te gaan ophang in 'n boom op Desmond Tutu se erf. Ons is meegedeel dat die opdrag vanaf die voorsitter kom. Maree kon nie saamgaan nie. Ek en die streekbestuurder sou toe alleen gaan. Ek het 'n voorskot ontvang om die onkoste te dek en ek is alleen per vliegtuig na die Kaap. Die fetus in 'n bottel het ek reeds vanaf die streekbestuurder ontvang en dit was in my bagasie. Barnard was by 'n hotel in die Kaap in verband met die Omar-projek en ek is meegedeel dat die streekbestuurder later sou afkom (10) na die Kaap. Intussen het ek vir Barnard van die nuwe opdrag vertel en die fetus aan hom getoon. Peaches het ons die oggend net na middernag by 'n hotel ontmoet en ek het hom aangesê om na Bishops Court te ry. Barnard het my vergesel en die projek is soos volg uitgevoer op voorskrifte ontvang vanaf die streekbestuurder: Daar was agt lang spykers wat deur 'n toordokter gedokter sou gewees het wat tydens die ophang van die fetus aan weerskante van Tutu se oprit in die grond ingekap moes word. Die spykers was ook tesame met die opdragte van die streekbestuurder ontvang. Daar was 'n (20) onbekende kleurlingman saam met Peaches wat die motor bestuur het. By Bishops Court is ek, Peaches en Barnard oor die draadheining van die erf en ek het toe die fetus van die apie soos beskryf, aan 'n tak van een van die bome vasgebind terwyl Barnard

die spykers aan weerskante van die oprit na sy huis in die grond ingedruk het. Die spykers is met die skerp kant na onder ingedruk. Ons is terug na die hotel waar ek Peaches R200 plus petrolgeld gegee het. Die volgende môre het ek aan die streekbestuurder gerapporteer dat die projek afgehandel is.

(30)

Weet/...

K21.2401

- 552 -

VAN ZYL

Weet u meer van die projek wat u hier sê, naamlik meer spesifiek met betrekking tot die doel, wat was die doel hiervan, dra u enige kennis van die doel? -- Nee, ek dra geen kennis van die doel van die projek nie. Dit is slegs 'n opdrag wat ek uitgevoer het. Omdat die Omar-projek nog voort-gegaan het sou Baranrd in die Kaap bly en ek is die volgende dag terug na Johannesburg per vliegtuig. Na 'n paar dae het Barnard na Johannesburg teruggekeer sonder dat die Omar-projek uitgevoer is.

Ek het inligting ontvang dat Omar 'n hartaan-val gehad het en dat hy by die huis was wat die projek in die wiele gery het.

Barnard het voorgestel dat die projek in verband met Omar uitgestel moes word vir 'n paar weke. Ek het in opdrag van die streekbestuurder vir Peaches geskakel en van hom verneem of hy moontlik van Omar se hartpille in die hande kon kry, waarop ek meegedeel is dat hy dit sou probeer bekom.

Nee, waarop hy my meegedeel het dat hy dit sou probeer bekom -- Ekskuus tog, waarop hy my meegedeel het dat hy dit sou probeer bekom. Ek het die aangeleentheid van die pille met die streekbestuurder bespreek in die teenwoordigheid van die koördineerder, Nic Botha en Chappie Maree. Daar was (20) nog 'n persoon teenwoordig wie se naam ek nie kan onthou nie maar wat voorheen in 'n mediese regiment van die weermag was. Hy was verantwoordelik vir die verkryging van logistieke steun, met ander woorde hy sou met die pille help. Ek het genoem dat daar probeer

sal word om 'n pil van Omar te bekom en ek is aangesê deur die streekbestuurder om die pil te oor-handig aan die onbekende persoon wat teenwoordig was. Hy het gesê dat hulle 'n soortgelyke pil sal maak wat presies soos die pil lyk wat aan hom gegee is en dat Omar, nadat hy dit geneem het, aan 'n hartaanval sou beswyk.

Die (30)

streekbestuurder/...

K21.2488

- 553 -

VAN ZYL

streekbestuurder het gesê dat hy die aangeleentheid via die besturende direkteur met die voorsitter sou bespreek aangesien daar reeds 'n goedgekeurde projek op Omar bestaan het. Ek het toe opdrag van die streekbestuurder gekry om met die projek voort te gaan en die pil in die hande te probeer kry. Kort hierna, gedurende Augustus 1989 het ek vanaf Peaches twee klein wit tablette ontvang. Ek is meegedeel dat dit die pille is wat Omar drink vir sy hart. Ek het toe tydens 'n selvergadering die pille in 'n hotelkamer aan die persoon wat aan die mediese regiment verbonde was oorhandig. (10)

Waar was dit? Kan u onthou of dit in Johannesburg was? -- Ja, dit was in Johannesburg, as ek korrek onthou by die Protea Gardens Hotel.

By die ...? -- By die Protea Gardens Hotel. Ek kan nie onthou wie almal by hierdie ontmoeting teenwoordig was nie. Aan die begin van Augustus 1989 het ek Isgak na Suidwes-Afrika gestuur in opdrag van die streekbestuurder om besonderhede vas te stel van ongeveer vier voertuie met Suidwes-Afrika registrasienommers in Windhoek.

Die nommers het ek vanaf die streekbestuurder ontvang en ek het dit deurgegee aan (20) Isgak. Ek is aangesê om Isgak opdrag te gee om die besonder-hede van die bussies te kry, dit wil sê waar die bussies geparkeer word en die bewegings van die bussies te monitor. Hy het teruggekeer uit Suidwes-Afrika en aan my die besonder-hede verstrek wat ek aan die streekbestuurder deurgegee

het. Ek het verstaan dat van die bussies geregistreer was in die naam van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Die besonderhede is met verslag aan die koördineerder oorhandig en Isgak is terug na die Kaap toe. Teen die einde van Augustus 1989 ongeveer die 25ste, het ek 'n opdrag van die streek- (30) bestuurder/...

K21.2573

- 554 -

VAN ZYL

bestuurder gekry dat Isgak weer na Suidwes-Afrika moes gaan en ek het die besonderhede van een van die mikrobussies vanaf die streekbestuurder ontvang en aan Isgak gegee. Die opdrag was dat hy na Windhoek moes gaan en daar sy opdrag wat die streek-bestuurder deur my aan hom sou gee, moes afwag. Ek onthou dat dit gegaan het oor een van die bussies wat deur Isgak in Windhoek beskadig moes word. Dit was egter nie my projek nie. Daar was geld oorhandig aan Isgak vir sy reis- en verblyf-kostes. Isgak is per vliegtuig na Suidwes-Afrika, maar die volgende dag is ek deur die streekbestuurder meegedeel (10) dat alle projekte in Suidwes-Afrika gestaak word en dat Isgak onmiddellik moes terugkeer. Twee dae daarna het hy na Johannesburg teruggekeer soos wat ek hom beveel het. Ek het intussen in opdrag oor 'n tydperk van ongeveer ... (tussen-bei).

Ekskuus tog, u gaan nou handel met 'n nuwe geval, naamlik die plasing van 'n ontploftoestel in die "Early Learning Centre" in Athlone? -- Dit is korrek.

Goed, wil u net voortgaan daarmee? -- Ek het intussen in opdrag oor 'n tydperk van ongeveer een maand inligting (20) ingesamel onder meer deur Isgak in verband met die gewelddadige ontwinging van die September-verkiesing in die Kaap, veral die kleurlingverkiesing. Die inligting het ook in verband gestaan met 'n saal bekend as die "Early Learning Centre" in Athlone wat gebruik is deur prominente UDF- en ANC-aktiviste. Geheime vergaderings is hier gehou waar dae van sabotasie en terreur

bespreek en beplan was teen die staat. Dit het geblyk dat die UDF- en ANC-aktiviste wat onder nood-regulasiebeperking asook verbodeorganisasiebeperking gestaan het 'n nuwe organisasie gevorm het met die naam "Q-Town (30)

Youth/...

K21.2660

- 555 -

VAN ZYL

Youth Movement". Die doelstellings van hierdie organisasie was om die komende verkiesing wat op 6 September 1989 in Suid-Afrika gehou sou word te ontwrig en omver te werp. My inligting was dat die organisasie verantwoordelik was vir of meege-help het met die beplanning van verskeie skoolboikotte, asook dae van terreur wat bomontploffings ingesluit het. My inligting was dat die organisasie verantwoordelik was of mee-gehelp het met die bomontploffings te Athlone landdroshof wat reg langs die polisiestasie plaasgevind het, asook die Athlone poskantoor. By die kleefmynontploffing in die landdroshof(10) Athlone is twee persone wat die kleefmyn sou gestel het, ge-dood. Die twee persone was volgens my inligting lede van hierdie gemelde organisasie. Die poskantoor wat in die ont-ploffing beskadig is, was 'n verkiesingslokaal vir die ver-kiesing in September 1989.

Ek het ander inligting asook dokumentasie ontvang wat daarop gedui het dat die persone wat in die ontploffings gedood is en ander persone verbonde aan die organisasie betrokke was by van die bomontploffings en dat verdere bomontploffings beplan was vir tot en met 6 September 1989 in die Kaap. Die klaarblyklike rede vir die bomont- (20) ploffings was die intimidasie van persone ten einde hulle te intimideer om nie aan die verkiesing wat ook vir die kleurlinge uitgeskryf was, deel te neem nie. Ondermeer is ek in besit gestel van 'n brief wat dieselfde organisasie aan een van die kandidate in daardie verkiesing, mnr. Alex Anthony, gestuur het waarin hy gewaarsku is om nie aan die rassistiese verkiesing deel te neem nie. Ek het al hierdie feite tydens 'n

voorstudie op ongeveer 10 Augustus aangebied aan die
koör-dineerder op 'n skriftelike basis waarna die inhuus gereël
is op ongeveer 25 Augustus deur die streekbestuurder. As (30)
gevolg/...

K21.2751

- 556 -

VAN ZYL

gevolg van inligting deur my verskaf is as 'n projek
geïdentifiseer die vernietiging van die saal bekend as die "Early
Learning Centre" te Athlone en ek het voorgestel dat dit deur die
plasing en die aktivering van 'n kleefmyn gedoen moes word. Ek
wou egter nie bloot van die kleefmyn gebruik maak nie omdat dit
moontlike lewensverlies tot gevolg sou gehad het en het daarom
voorgestel dat die kleefmyn 'n afset-meganisme moet hê. Die
motivering vir die projek was om die lede van die organisasie of
die persone verantwoordelik vir die bomontploffings in die Kaapse
area af te skrik en te (10) ontwrig om nie met hul gewelddadige
veldtog voort te gaan nie. Die organisasie moes ontwrig word sodat
die beplande geweld-dadige veldtog teen die verkiesing en die
regering, nie kon voortgaan nie. Die oogmerk was om verdere
terreurdade en moontlike verlies van menselewens in die Kaap te
verhoed. Tydens die inhuus is al die dokumentasie waarna ek
verwys het asook die inligting beskikbaar gestel aan die besturende
direkteur en ek het gevra dat 'n afstandbeheerde kleefmyn
aan my deur die BSB verskaf moes word vir die uitvoering van die
projek. Die kleefmyn sou aan Isgak oorhandig word (20) wat
dit in die saal sou plaas en hy sou die kleefmyn aktiveer hoewel
ek hom behulpsaam sou wees indien daar probleme was. Isgak het
reeds op daardie stadium in beginsel ingestem om behulpsaam te
wees met die plasing van die kleefmyn in die saal. Daar sou R30
000 deur die streekbestuurder aangevra word vir die projek en die
ontploffing is beplan vir 31 Augustus 1989 gedurende die aand.

Woensdag, 30 Augustus 1989, is ek deur die streekbestuurder
versoek om na die Protea Gardens Hotel in Berea Johannesburg te

gaan. Ek het daar die streekbestuurder, Nick en die persoon
verbonde aan die (30)

mediese/...

K21.2848

- 557 -

VAN ZYL

mediese regiment aangetref in die betrokke kamer.

Wie was die persoon Nick? -- Nick, mnr. die Voorsitter was ons finansiële persoon. Hy het gesorg dat daar altyd geld was indien daar projekte uitgevoer moes word.

Ken u sy regte naam?-- Ek ken ongelukkig nie sy regte naam nie. Die streekbestuurder het my meegedeel dat die projek op die "Early Learning Centre" goedgekeur is en dat die besturende direkteur laat weet het dat as daar nog een bom deur die "Q-Town Youth Movement" geaktiveer word hy dit sou beskou as my skuld.

Die streekbestuurder het my meegedeel dat die koördineerder op pad was met die kleefmyn en ongeveer 'n driekwart uurlater het die koördineerder by die hotel aan-gekom met die kleefmyn verpak in 'n kartondoos.

Watse

soort kleefmyn was dit? -- Dit was 'n Russiese kleefmyn, die grote.

Hy het die kleefmyn met afstandbeheer aan my getoon en ook die werking daarvan gedemonstreer. Die kleefmyn was 'n groot grys Russies vervaardigde kleefmyn terwyl die afsetmeganisme 'n sakrekenaar was met 'n lugdraad. Die rekenaar sou die bom afsit deurdat die minus-knoppie op die rekenaar gedruk word. Ek het nog nooit met plofstof (20) gewerk nie en was bekommerd dat daar lewensverlies kon wees asook probleme omdat ek nie 'n plofstofkundige was nie. Ek het toe die streekbestuurder en die koördineerder versoek om hulp en voorgestel dat Botha saam met my na die Kaap gaan om die bom te hanteer, aangesien hy wel kennis van plofstowwe gehad het. Die streekbestuurder het ingestem en Botha ge-"page" waarop Botha by die hotel opgedaag het en die werking van die kleefmyn aan hom deur die koördineerder verduidelik is. Botha het ingestem om by die projek behulpsaam te wees en

die nodige reëlings is getref. Dieselfde dag, (30)

30 Augustus/...

K21.2940

- 558 -

VAN ZYL

30 Augustus 1989, het ek en Botha met my motor na Kaapstad vertrek, met die kleefmyn in 'n kartondoos in die bagasiebak. Die afstandbeheer het ek in my aktetas gehou. Op 31 Augustus 1989 het ons in die Kaap aangekom. Ons het toe ongeveer vier ure geslaap en nadat ek opgestaan het, het ek vir Isgak ge-skakel en hom aangesê om my die middag by die parkeergronde van die D.F. Malan lughawe te ontmoet waar ek die kleefmyn aan hom sou gee. Die middag het ek vir Isgak by die lughawe ontmoet en Botha het die kleefmyn gereed gemaak. Daarna is die sak waarin die kleefmyn geplaas is in die bagasiebak (10) van Isgak se motor gesit. Ek het die volgende opdrag aan Isgak gegee: Hy moes die sak met die bom neem en in die ver-gadersaal by die Early Learning Centre te Athlone gaan plaas in 'n kas. Die instruksie was dat Isgak die bom reguit van die lughawe af in die vergadersaal moes gaan plaas en dat die bom dan later die aand geaktiveer sou word nadat alle persone die gebou verlaat het. Na die plasing van die kleefmyn moes hy na die lughawe terugkeer om te bevestig dat hy sy opdragte uit-gevoer het. Die afstandbeheersakrekenaar het ek in my besit gehou en ek het Isgak opdrag gegee om vir my en Botha die (20) aand om 19h00 by die Bellville Holiday Inn in Kaapstad te ontmoet.

By die lughawe en nadat Isgak weg is, het ek die streekbe-stuurder laat weet dat die bom geplaas is en hy het my mee-gedeel dat hy die besturende direkteur sal inlig. Terself-dertyd het ek met die streekbestuurder gereël dat hy vir my en Botha om 01h00 by die Jan Smuts Lughawe op 1 September 1989 sou ontmoet. Ek was van plan om met verlof te gaan en sou met my eggenote die aand van 1 September 1989 weer my motor by die lughawe in Kaapstad kry vir die twee weke verlof wat (30)

ek/...

ek in die Kaap sou hou.

Het u aansoek gedoen vir die verlof? -- Dit is heeltemal korrek.

Geruime tyd voor hierdie tydperk? -- Ja.

En dit is goedgekeur? -- Dit was goedgekeur, ja. Ek het deur die loop van die middag besluit dat ek nie die afstandbe-heerrekenaartoestel aan Isgak sou oorhandig nie. Ek was bekom-merd oor die feit dat hy die kleefmyn by enige plek anders as die Early Learning Centre kon plaas en dit dan kon aktiveer op 'n tyd en 'n plek van sy keuse. Ek het dit met Botha (10) bespreek en ons het besluit dat ons sou saamgaan om seker te maak dat die bom op die regte plek geplaas was. Die aand van 31 Augustus 1989 het Isgak vir my en Botha om 19h00 by die Holiday Inn ontmoet.

Ons het saam in 'n voertuig na die Early Learning Centre-saal gery en teen ongeveer 19h45 by die Early Learning Center-saal aangekom. Isgak het die omgewing rondom die saal aan ons uitgewys asook die parkeergrond waar die motors van die lede van die organisasie geparkeer was. Ons het ongeveer 400 meter van die saal af parkeer en dit was al donker. Isgak het ek die saal ingestuur om seker te maak(20) dat die kinders uit die saal was omdat daar die aand 'n karate-klas vir kinders was. Hy moes ook vasstel watter lede van die Movement die vergadering bywoon. Hy het na 'n halfuur teruggekom en gerapporteer dat daar geen kinders in die saal was nie en gemeld dat al die bestuurslede van die Movement in die saal teenwoordig was. Ons het na 'n straat gery waar ons 'n goeie uitsig oor die parkeergronde en die saal kon hou. Omstreeks 21h00 het die bestuurslede van die Movement die saal verlaat en na hulle motors gegaan. Isgak het my meegedeel dat almal uit die saal was. Ons was (30)

ongeveer/...

ongeveer 30 meter van die saal af. Ek het toe vir Isgak gesê om om die straatblok te ry sodat ek die myn kon aktiveer. Die myn is daarna geaktiveer en die bom het afgegaan. Isgak het ons na die lughawe teruggeneem waar hy ons afgelaai het en ons is per vliegtuig terug na Johannesburg dieselfde aand. Op 1 September 1989 het die streekbestuurder en Maree vir my en Botha by die Jan Smuts lughawe ontmoet.

Dit is nou net na middernag? -- Dit is korrek. Ek het aan die streekbestuurder gerapporteer. Die streekbestuurder het na sy voertuig gegaan en ons meegedeel dat hy die (10) koördineerder en die besturende direkteur gaan meedeel van die projek wat afgehandel is. Ek het gesien dat hy iemand skakel. Ons is toe van die lughawe huistoe. Om 10h00, die oggend van 1 September 1989 het ek die streekbestuurder, die koördineerder, Maree, Botha en Nick by die Rosebank hotel ontmoet in 'n kamer.

Die ontmoeting is deur die streekbestuurder gereël en ek het die sakrekenaartoestel met my skriftelike verslag ten opsigte van die bomontploffing te Early Learning Centre aan die koördineerder oorhandig. Ek het toe reëlings getref dat die streekbestuurder aansoek sou doen vir die beloning vir Isgak en dat hy die geld in Kaapstad aan my sou oorhandig. Die aand van 1 September 1989 is ek en my eggenote per vliegtuig op verlof na die Kaap. Ons het twee weke in die Kaap deurgebring. Saterdag, 2 September 1989 het ek vir Peaches en Isgak op verskillende tye gespreek. Ek wou van Peaches verneem hoe die Omar-projek vorder en wou ook vir Isgak inlig oor wanneer sy betaling sou plaasvind. Die volgende Saterdag, 9 September 1989 het ek weer 'n afspraak gehad met Peaches en Isgak en ek het hulle in die Kaap ontmoet. Peaches het aan my gerapporteer dat Omar se (30)

bewegings/...

bewegings na normaal terugkeer. Ek het vir Barnard in Johan-nesburg ge-"page" en hom gevra om vir my op 11 September 1989 in die Kaap te ontmoet. Ek het Barnard gevra om Omar te monitor en hy het ingestem. Ek het hom bloot gesê dat hy Omar moes monitor. Die aand van 11 September 1989 het die streekbestuurder R25 000 in kontant aan my oorhandig. Ek het R7 000 van die R25 000 wat aan my oorhandig is by die bedrag van R3 000 wat op die Omar-projek oor was, gesit sodat daar R10 000 was.

Die rede waarom daar R7 000 bygesit was, is dat Barnard daarmee betaal is vir die monitering van Omar en (10) vir ander take wat hy verrig het. Ek het die R7 000 by die R3 000 van die oorspronklike R10 000 wat in my kluis gebêre was gesit en het dus R10 000 aan die organisasie terugbetaal. Ek het toe op 12 September 1989 die R18 000 in kontant aan Isgak oorhandig. Die streekbestuurder het verslag oor die aanwending van die gelde gedoen.

Was dit nou terwyl u nog in die Kaap was?-- Dit is korrek so. Op Dinsdag 12 Septemer 1989 het ek vir Barnard in Kaapstad ontmoet en wou verneem hoe die monitering van Omar verloop. Ek is meegedeel dat dit voortduur. Later het (20) hy weer vir Barnard en Peaches ontmoet en Barnard het my meegedeel dat hy klaar was met die monitering van Omar en dat hy terugkeer na Johannesburg.

Ek het op dieselfde dag terug-gevlieg na Johannesburg. Later het ek vir Botha en Nick in 'n hotel by die lughawe ontmoet waar ek R10 000 aan Nick teruggegee het. Die R10 000 het verband gehou met die Omar-projek. Nick het toe aan my die witkleurige poeier in 'n klein botteltjie oorhandig. Nick het my meegedeel dat die poeier van die streekbestuurder af kom en dat dit oor Omar se kos gegooi moes word omdat hulle die pille nie kon namaak (30)

nie/...

dieselfde dag het ek vir Peaches op die D.F. Malan lughawe ontmoet.

Ek het die botteltjie aan hom gegee met die opdrag om die inhoud oor Omar se kos te gooi. Ek het nooit daarna weer vir Peaches, Isgak of Barnard gesien nie. Na 'n week het ek vir Peaches geskakel. Hy het my meegedeel dat hy nie die poeier oor Omar se kos kon gooi nie. Ek het Peaches meege-deel om die pistool en die poeier te vernietig en die projek op Omar onmiddellik te staak, soos vooraf ooreengekom met die streekbestuurder.

(10)

U wil dan handel met die projek in verband met 'n druk-kery in die Kaap? -- Dit is korrek. 'n Projek waarby ek ook in die Kaap betrokke was met betrekking tot 'n drukkery ...(tussenbei)

Dit was met betrekking tot ...? -- Was, was met betrekking tot 'u drukkery. Ek kan nie die naam van die drukkery onthou nie. Ek het inligting ontvang vroeg in Junie 1989 dat die drukkery drukwerk doen vir ondermeer die A.N.C., die U.D.F., Cosatu en ander beperkte organisasies. Die inligting is deurgegee aan die BSB en 'n projek is geïden-(20) tifiseer dat die plek afgebrand moes word. Na 'n inhuis met die besturende direkteur het die streekbestuurder my meegedeel dat die projek goedgekeur is en dat die plek afgebrand moes word. Ek het Isgak opdrag gegee om die projek uit te voer. Later het hy aan my gerapporteer dat die plek uitgebrand is en hy is met R2 000 vergoed. Ek het ook later verneem dat die drukkery nooit uitgebrand is nie. Gedurende Maart 1989 het ek, die streekbestuurder en Maree in 'n woonstel in Johannesburg bymekaar gekom en ek is meegedeel dat daar 'n inhuis gehou was op 'n projek wat sou behels die eliminasië van (30)

'n/...

K21.3462

- 562 -

VAN ZYL

'n man met die naam van Michael Gavin Evans. Hy sou met 'n mes beroof word en ek is aangesê om Peaches te reël om uit die Kaap

na Johannesburg te kom en ook 'n persoon met hom saam te bring om die projek uit te voer. Peaches het na Johannesburg gekom en ek het hom in 'n hotel gespreek en aan hom meegedeel dat Evans die teiken van die projek sou wees. Die projek was nie my projek nie, maar die projek van Maree en hy het verder met die projek voortgegaan. Ek het R2 000 in kontant aan Peaces gegee om hulle onkoste te delg en daar is ook ooreengekom dat Peaches R5 000 sou ontvang om die projek (10) uit te voer. Later het dit geblyk dat die inligting wat be-tref die adres van Evans, nie korrek was nie en hy kon nie op-gespoor word nie. Ek het dit so oorgedra aan die besturende direkteur en hy het gesê dat die projek nie kan voortgaan nie. Die projek is daarop gestaak.

Goed, ek wil net vir u nou vra om dan net kortliks die voorsitter mee te deel wat u kennis is betreffende die Webster-geval? -- Ek doen dit graag. Op Dinsdag, 2 Mei 1989 het dit tot my kennis gekom dat David Webster in 'n sluip-moordaanval gedood is en ek onthou ook dat ek dit op die (20) TV-nuus gesien het. 'n Paar dae na die Webster-moord was daar 'n selvergadering in 'n hotelkamer waar ek, die streek-bestuurder, Maree en Botha teenwoordig was.

Kan u onthou waar dit was? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Maar was dit in Johannesburg -- In Johannesburg gewees, beslis. Ons het op die koördineerder gewag. Terwyl ons gewag het, het die streekbestuurder gesê dat hy vir die besturende direkteur moes gaan sien het na aanleiding van die Webster-geval. Hy het nog gesê dat die besturende direkteur bekommerd was oor die geval en dat die besturende (30)

direkteur/...

K22.0102

- 563 -

VAN ZYL

direkteur vermoed het dat ons sel betrokke was by die Webster-geval. Ek weet niks van die Webster-moord nie en het ook geen kennis dat sy moord ooit by ons sel of streek bespreek

was nie. Ek het niks te doen gehad met die moord op Webster hoegenaamd nie. Nadat ek uit die organisasie bedank het, het die besturende direkteur my versoek om hom te spreek. Dit was naby Verwoerdburg waar ek die besturende direkteur ontmoet het.

Kan u onthou wanneer dit ongeveer was?-- Dit was gedurende Novembermaand. (10)

November 1989? -- Dit is korrek. Hy het aan my gesê dat daar probleme was omtrent die Webster-geval. Hy het toe aan my gevra of ek by die Webster-geval betrokke was en of die streekbestuurder of enige van die ander lede daarby betrokke was.

Ek het aan die besturende direkteur gesê dat ek beslis nie betrokke was by die doodmaak van Webster nie. Ek het ook gesê dat ek nie weet of die ander drie lede by die voorval betrokke was nie. Ek het die indruk gekry dat die besturende direkteur bekommerd was en dat hy geen kennis van die Webster-geval gehad het nie.

Ek het aan die besturende direkteur(20) gesê dat ek glo dat ander persone vir die daad verantwoordelik was, aangesien ek waarskynlik daarvan sou gehoor het as van ons sel se lede verantwoordelik was.

Die gesprek het nie lank geduur nie en ek is toe deur Nick teruggeneem.

Goed, dit was ook in Oktober 1989 dat u deur die streek-bestuurder genader is vir die bywoning van 'n tweede kursus? -- Dit is korrek.

Wil u net daarmee handel? -- Dit is korrek.

En wat daarop gevolg het? -- Ek is op 'n stadium voor Oktober 1989 der die streekbestuurder ingelig dat ek 'n (30) tweede/...

K22.0152

- 564 -

VAN ZYL

tweede kursus moes bywoon gedurende Oktober 1989, maar ek het hom meegedeel dat ek voornemens was om te bedank. Die streek-bestuurder was daar teenwoordig, asook die koördineerder, Maree, Botha en Nick. Hulle het eers gedink dat ek 'n grap maak, maar ek het dit beklemtoon en die streekbestuurder was ontevrede

daaroor. Hy het beweer dat ek die organisasie mis-bruik het om my besigheid op die been te kry. Ek het dit ontken en hom daarop gewys dat ek my produksiebonus vir November 1989 sou prysgee, my 13de salaristjek en ook die mediese- en ander kostes wat verband sou hou met my vrou (10) se bevalling einde Desember, vroeg Januarie 1990 sou verbeur. Die streekbestuurder het daarop vir my meegedeel dat ek klaar is met die organisasie en my verskoon.

Ek het toe uitgeloop en gery en dit was die laaste formele kontak wat ek met die organisasie gehad het.

Wanneer in Oktober sou dit min of meer gewees het, kan u net nader aandui? -- Dit sou ongeveer tussen 15 en 20 Oktober wees, sal ek sê.

Het u ook later terugbesorg die voertuig ensovoorts aan die BSB? -- Dit is korrek, ek lees vir u: Ek het later (20) die voertuig aan die organisasie terugbesorg, asook ander fasiliteite wat ek van die organisasie gebruik het soos 'n versnipperingsmasjien en 'n telefoon-"scrambler" aan die BSB terugbesorg.

Wat is dié "telefoon-scrambler"? --Dit is 'n apparaat wat gebruik word om te verhoed dat iemand - wat jy op jou telefoon plaas om te verhoed dat iemand anders na die gesprekke kan inluister. Ek het dit aan Nick oorhandig.

Nou daar is aan u getoon die uittreksel wat gemaak is deur die kolonel onder die opskrif "Projek Goldie" wat as (30)

aanhangsel/...

K22.0208

- 565 -

VAN ZYL

aanhangsel "A" ingehandig is? -- Dit is korrek.

Nou kan ek net voordat ek u sekere vrae oor dié bedrae - gewoonlik sou u, sou daar 'n begroting ingedien word rakende 'n projek, kostes daaraan? -- Dit is reg.

Daar sou 'n voorskot geneem word van die bedrag? -- Dit is korrek, ja.

En dan sou die kostes aangegaan word en daar sal 'n ver-rekening plaasvind. Geld wat oor is word teruggegee, as daar 'n tekort is, byvoorbeeld as u uit eie sak sou dit dan inbetaal word?-- Dit is heeltemal korrek. (10)

U weet nie wie die syfers gehou het nie? -- Nee, ek het geen idee nie.

Weet u waar dit gehou is en hoe dit gehou is? -- Nee, ek kan ook nie daarop antwoord nie.

As ons net na aanhangsel "A" kyk, eerstens die datums op die linkerkant, weet u watter datums dit sou wees? Sou dit die datum wees waarop dit by die organisasie beskikbaar gestel word, die geld of waarop dit aan u oorhandig sou gewees het, as u nou kyk na daardie datums, kan u min of meer aandui, of van die datums? -- Kan ek net so 'n vorm kry asseblief?(20)

Ekskuus, ek het gedink u het 'n afdruk daar voor u. -- Ek veronderstel dat die datums wat hier aangetoon word is die datums waarop die geld beskikbaar gestel was aan die koördineerder wat dit dan op sy beurt weer aan ons sou beskikbaar gestel het.

Het u deurgaans geld ontvang vanaf die koördineerder? -- Dit is heeltemal korrek.

En dit sou in Johannesburg wees? -- Dit is korrek. In Johannesburg of in Pretoria.

In kontantvorm? -- In kontantvorm. (30)

Of/...

K22.0262

- 566 -

VAN ZYL

Of in Pretoria? -- Dit is korrek.

Waar in Pretoria? -- Enige plek, daar was nooit, daar was altyd vooraf gereël, miskien langs die pad, miskien in 'n res-taurant, miskien in 'n hotelkamer.

En daar was die een geval waar u geld in die Kaap ontvang het van die streekbestuurder wat die verrekening gedoen het en die begroting aangevra het ten opsigte van die bomgeval? -- Dit

is ook korrek, ja.

Nou daar is 'n bedrag wat gegee word, as ek dit net as 'n voorbeeld kan gebruik, hier op 8 September 1989 van (10) R30 000. -- Dit is die bedrag wat goedgekeur en verreken was volgens my kennis vir die bomontploffing.

Wat is u houding rondom die korrektheid van die datums wat hier verskyn? -- Dit kan beslis nie korrek wees al die datums nie.

Ek het, soos ek vantevore getuig het, vir u genoem van gevalle wat plaasgevind het gedurende Januarie-maand en daar was begroot vir hierdie betrokke gevalle en volgens die datums op hierdie lys voor my het ek eers geld ontvang vanaf April 1989, wat beslis nie so is nie.

As u die - neem byvoorbeeld die R200 inskrywing daar (20) van 23 Mei, is die datum hier van 1989, die R200 waarvoor sou dit aangewend gewees het? -- Dit sou aangewend gewees het vir die toetsprojek van Peaches wat reeds in Januarie 1989 plaas-gevind het.

Plaasgevind het, ja. Nou kan ek u net dit vra, dit het gebeur dat van die ander sellede op u projek ook geld trek wanneer hulle iets sou doen? -- Dit is korrek, ja.

Of wanneer hulle dan nou sal rapporteer dat hulle iets gaan doen en dan geld trek? -- Dit is korrek.

In dié geval word daar gevind dat Brummer nou (30)
byvoorbeeld/...

K22.0331

- 567 -

VAN ZYL

op 12 Junie, R5 613 getrek het en uiteindelik dat hy dan op die projekte teenoor u naam sou getrek het R8 570. Sien u dit? -- Ek sien dit, ja.

Daar is ook, ekskuus, ek wil net vir u dit vra, daar is byvoorbeeld gevalle waar hy in November geld getrek het op u projekte. -- Ek sien dit ook so, ja.

Was u nog in November by dié organisasie hoegenaamd, November

1989? -- Nee, ek was toe al lankal reeds daar weg.

Ja, nou die persoon sal 'n motivering doen en geld ontvang, die sellid en dit het ook so gebeur in die geval (10) van Calitz, R261, nou wie was dit? -- Calitz was Calla Botha gewees.

En dan is daar ook die geval van Nienaber, wie is dit? -- Nienaber is Nick, dit is ons finansiële persoon gewees.

En sy naam dié ken u nie? -- Nee.

En hy het R540 geneem. As die - die datums kom dus voor later te wees oor die algemeen?-- Beslis, ja.

Herken u ook al die bedrae wat hier staan?-- Nee, ek het my bes probeer, dit is baie moeilik, soos wat ek aan my ad-vokaat verduidelik het dat vir alle praktiese doeleindes (20) het ek twee besighede bedryf en indien daar meer inligting beskikbaar is ten opsigte van die bedrae kan ek moontlik uit-help, maar ek kan nie al die bedrae herken nie.

Goed, kom ons neem net die bedrae dan in elk geval vanaf die 1ste, die bedrag van R5 000 op 6 April, as u net kyk na u verklaring onder op bladsy 48, het u daarmee gehandel. -- Ek lees vir u: Ek kan nie onthou dat ek op enige stadium 'n aparte bedrag van R5 000 ontvang het nie. Ek vermoed dat hierdie bedrag gekoppel is aan die bedrag van R10 000 wat volgens die aanhangsel op 2 Junie 1989 geregistreer is, (30)

aangesien/...

K22.0399

- 568 -

VAN ZL

aangesien ek die bedrag van R15 000 ten opsigte van Omar ontvang het.

En dié sê u het u in een bedrag ontvang? -- Sover my kennis strek het ek dit in een globale bedrag ontvang, ja.

Goed, die volgende bedrag of bedrae van R3 726 en R1 480 wat u op 2 Mei ontvang het?-- Ek wil egter vir u sê dat dit mag wees dat omrede die R5 000 nadat dit oorbetaal was aan Peaches, was dit onmiddellik verreken en met ander woorde dan afgeskryf. Dit

mag dan wees dat dit as gevolg daarvan apart op hierdie vorms voorkom. (10)

Dat dit apart geregistreer is in die organisasie se, noem dit dan nou maar boeke. -- Dit is korrek.

As 'n mens dit boeke kan noem en, want u het daar getuig as ek reg onthou, dat daar twee bedrae van R2 500 vooruit betaal sou word en dit sou R5 000 opmaak?-- Ja.

Ek sien. Goed, die twee bedrae teenoor 2 Mei 1989 - R3 726 en R1 480? -- Hierdie bedrag is waarskynlik reeds gedurende Februarie 1989 geregistreer en is die salaris van Peaches soos hierbo uiteengesit, terwyl die bedrag R3 726 waarskynlik spandeer is aan die herstel van sy voertuig (20) wat toe stukkend was.

Het u die organisasie genader met 'n versoek dat daar fondse gegee word vir die herstel van sy voertuig nadat hy 'n onbewustelike lid geword het? -- Ja, baie beslis. Ek het 'n skriftelike verslag ingesit ten opsigte van die feit dat daar vervoer vir Peaches aangeskaf moet word sodat hy sy pligte na behore kon uitvoer. Dit was goedgekeur en as gevolg daarvan het ek die geld ontvang.

Goed, die volgende twee bedrae teenoor 3 Mei 1989? -- Hierdie R200 is waarskynlik reeds in Januarie geregistreer(30)

toe/...

K22.0463

- 569 -

VAN ZYL

toe die R200 aan Peaches oorhandig is vir sy toetsing (die pakkie met die klippe). Die bedrag van R2 881 is waarskynlik aangewend toe ek Peaches na Johannesburg laat kom het en hy getoets is deurdat ek van hom verwag het om 'n onbewustelike lid hier te werf. Die geld is waarskynlik ook spandeer aan 'n vliegkaartjie en hotelverblyf asook taxi-koste.

En 1 Junie 1989, die twee bedrae van R1 460 en R1 480? -- Die bedrag van R1 460 is aan Ismail as salaris betaal en die bedrag van R1 480 is aan Peaches as salaris betaal sover ek kan onthou.

(10)

Ek wil net seker maak, die vorige R1 480 het u gesê dat dit was Februarie se salaris. Hierdie sou dus wees watter salaris aan? -- Die daaropvolgende maand, einde Maart-maand s'n.

Maart s'n, maar dit word hier gereflekteer as Junie? -- Dit is korrek. Ja-nee, dit is beslis foutief.

En op 12 Junie is daar 'n bedrag deur Brummer getrek van R5 613, weet u hoegenaamd daarvan, weet u enigiets van daar-die bedrag af? -- Nee, ek dra geen kennis van hierdie bedrag nie. Ek kan my glad nie daaraan herinner nie. (20)

VOORSITTER: Ek sien in u verklaring is dit 2 Junie, dit is 12 Junie né?

MNR. DU TOIT: Ekskuus tog, ek merk nou net op dat die af-skrif wat aan my voorsien is en met die getuie behandel is, is afgesny aan die kant en dit kom dus voor op my verklaring as ... (tussenbei)

VOORSITTER: 2 Junie.

MNR. DU TOIT: Terwyl dit inderdaad ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is die 12de.

MNR. DU TOIT: Die 12de, ek dank u mnr. die Voorsitter. (30)

VOORSITTER: /...

K22.0520

- 570 -

VAN ZYL

VOORSITTER: En die volgende een is die 22ste.

MNR. DU TOIT: Die 22ste, goed en daar is vier bedrae R500, R2 386, R10 000 en R1 480. Wil u net met daardie vier bedrae handel, in soverre u kan onthou? -- Die R500 is waarskynlik spandeer op 'n vliegkaartjie na Kaapstad en terug en moontlik taxi-koste.

Die bedrag van R2 386 kan ek nie op hierdie stadium plaas nie.

Die bedrag van R10 000 is ontvang ten opsigte van die Omar-projek, maar ek het nooit R10 000 alleen-staande ontvang nie, maar wel R15 000 saam sover my kennis strek. Die bedrag van R1 480 was weer Peaches se salaris(10) vir April.

En dan die ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit was die 29ste.

MNR. DU TOIT: Die 29ste, ek dank u mnr. die Voorsitter, 29 Junie, twee bedrae R2 500 en R840? -- Sover ek kan onthou was die bedrag van R2 500 begroot vir die drukkery wat Isgak sou afbrand en die R840 was aangewend vir sy kaartjie en kostes, vir my kaartjie en kostes.

En dan die 13de, dié het dit wel uitgekom, 'n bedrag van R5 120. Kan u so 'n bedrag plaas? -- Ek kan nie hierdie(20) bedrag plaas nie.

En dan - dit is, ek vermoed 26 Julie, dit is reg, twee bedrae van R600 en R5 297. Kan u onthou dat u daardie twee bedrae ontvang het? -- Nee, ek kan hulle ook glad nie plaas nie.

En ten opsigte van 4 Augustus die R1 974 en die R500, kan u dié bedrae plaas? -- Ek kan nie onthou dat die bedrae van R1 974 of R500 op 4 Augustus of andersins aan my oorbetaal is nie.

En dan 21 Augustus, die R1 000? -- Ek kan dit ook (30)
glad/...

K22.0589

- 571 -

VAN ZYL

glad nie onthou dat dit aan my ... (tussenbei)

Kan u onthou dat u 'n ronde bedrag soos R1 000 ontvang het? -- Nee, nie hierdie R1 000 nie en so ook dan nou daardie vorige bedrae van oor die R5 000 is groot bedrae wat 'n mens eintlik moet onthou, maar dit lui by my absoluut geen klokkie nie.

Dan word daar bedrae ook in Augustus gegee. Eerstens R3 380 op 21 Augustus, kan u dit plaas daardie bedrag? -- Ja, dit was 'n bedrag wat ek aan Isgak gegee het toe hy vir die eerste keer na Suidwes gegaan het. (10)

Met die monitering van die mikrobusse? -- Dit is korrek.

En dan 25 Augustus meen ek is dit, R400 en R1 380. -- Sover ek kan onthou is hierdie geld aan Isgak spandeer met sy tweede reis na Suidwes-Afrika.

En dit was die reis waarop hy opdrag gegee is om daar te wag,

maar teruggeroep is? -- Dit is heeltemal korrek.

En dan 15, ekskuus 8 September is die bedrag van R30 000 en R247. Met watter voorval hou hierdie bedrae verband? -- Dié bedrae hou verband met die bomontploffing te Early Learning Centre.

(20)

En dan die twee bedrae wat getrek is deur Calitz en Nienaber, die R261 en die R540, waarvoor sou dit wees?-- Hierdie geld is ook vir vlieggkoste aangewend deur myself en dit was so geregistreer teenoor die naam van Nienaber.

En dan op 27 September 1989 word daar gesê sou u ontvang het bedrae van R1 034 en R3 506. Kan u daardie bedrae plaas? -- Ek kan hulle glad nie plaas nie.

En dan is daar die bedrae wat Brummer getrek het van R203, R1 000 en R1 106 in laat, ek vermoed dit moet 28 Oktober wees, asook November. Ek dink u het reeds gesê ... (30)

(tussenbei)/...

K22.0652

- 572 -

VAN ZYL

(tussenbei)

VOORSITTER: 18 Oktober.

MNR. DU TOIT: Ek dank u. Weet u enigiets van daardie bedrae af?-- Ek dra geen kennis van hierdie bedrae nie.

Al syfers wat u het in verband met die projekte is in aanhangsel "A" verskaf. Ek meen u het nie eie notas gehou of enigiets van dié aard nie? -- Nee geen, hoegenaamd nie.

Nou wanneer het u vir die eerste keer u verbintenis met die BSB begin heroorweeg? -- Tydens my verloftydperk Septembermaand 1989. (10)

Wil u ons net neem deur die paragraaf onderaan 54 soos u dit vir my gestel het? -- Ek het gedurende my verloftydperk in September 1989 my verbintenis met die BSB heroorweeg. Ek het besef dat die land 'n nuwe fase binnegaan van onderhandeling onder die nuwe Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk. Ek was van mening dat

president De Klerk bereid was om met die A.N.C. te praat wat gevolg sou hê dat die binnelandse gewapende stryd beëindig sou word en Streek VI se doel sal verval. Die nuwe benadering om met die vyand te onderhandel het my steun geniet en ek het uitgesien na die dag dat BSB optrede nie meer (20) nodig sou wees nie. In die lig van die voorgaande en ter wille van my gesin se toekoms het ek besluit om my verbintenis met die BSB te verbreek ten einde 'n gewone lewe as 'n Suid-Afrikaanse burger te lei met die oog op die toekoms in 'n nuwe vreedsame Suid-Afrika soos deur die Staatspresident in die vooruitsig gestel. Ek het daarop in Oktober 1989 uit die BSB bedank.

Nou dit is so, is dit nie, dat die eerste gerugte rondom hierdie organisasie het eintlik in Desember van daardie jaar eers na vore getree. U het derhalwe die organisasie (30) verlaat/...

K22.0722

- 573 -

VAN ZYL

verlaat voordat daar enige feite na buite bekend begin raak het.

Is dit korrek? -- Dit is beslis so.

CROSS-EXAMINATION BY MR McNALLY: Mr Chairman, the statement that has been dealt with in the commission was drawn up in consultation between myself and my learned friend, Mr du Toit and although I only saw the final form this morning I did play a part in the drawing up of this statement so I had knowledge of what was to be said.

For those reasons it is not necessary for me to put any questions relating to this statement and I rest on that.

(10)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Ja, mnr. die Voorsitter, ons sal waarskynlik baie vrae hê maar ons het on-gelukkig tyd nodig om die kruisondervraging voor te berei.

VOORSITTER: Kan u dit môre doen?

MNR. HATTINGH: Nee mnr. die Voorsitter, ek is bevrees nie.

Ek is bevrees hier is geweldig baie inligting wat gekorreleer moet

word met verskeie persone en ek weet nie hoe beskikbaar die persone is nie. Mnr. die Voorsitter ek het kennis geneem van mnr. McNally se aanduiding dat die gedagte is dat die ge-tuie gekruisverhoor moet word voordat ander getuies ook (20) uitkom, nogtans die versoek tot u rig om te oorweeg of u nie met u werkswyse tot dusver moet voortgaan nie, dat die getuie se kruisondervraging afstaan en dat daar intussentyd ander ge-tuies geroep word. U sal verstaan mnr. die Voorsitter dat hier verskeie name genoem is en ek neem aan dat daar verskeie ander persone gaan kom getuig in hierdie verband.

VOORSITTER: Ek weet nie of u aanname noodwendig reg is nie, want ek weet nie of ons noodwendig weet wie die ander mense is nie.

MNR. HATTINGH: Wel, ek hoor nou maar name soos Barnard en(30)

Botha/...

K22.0781

- 574 -

VAN ZYL

Botha en so aan en ons het al so met die bostelegraaf verneem dat daar sulke mense gesubpoena is om te kom getuig en dit sal miskien die nodigheid uitskakel dat ons lateraan die versoeke moet rig om mnr. Van Zyl weer te laat terugkom indien daar nuwe inligting aan die lig kom vir verdere kruisondervraging.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Ek gaan baie kort wees met die getuie, maar ek sal ook vra dat ek ten minste kan oorstaan tot môre. Ek gaan werklik nie baie lank wees nie. Dit gaan meer ter opheldering wees, maar daar is ook feite wat ons moet kontroleer voordat kruisverhoor begin kan word, anders (10) moet ek afstaan na 'n kwart uur.

CROSS-EXAMINATION BY MR LUITINGH: I act for amongst others, some people ... (intervenies)

CHAIRMAN: Mentioned, yes.

MR LUITINGH: Mentioned in this affidavit and they are obviously in Cape Town and it will be necessary for me to consult with them at length.

CHAIRMAN: Would you also wait until next week.

MR LUITINGH: Yes, I would in fact prefer - in fact I actually would like to associate myself with Mr Hattingh in this(20) matter.

As I previously said in this matter, Mr Chairman acquaint myself with strange bed-fellows, that in fact we go on with the other witnesses, because I believe it might contribute considerably towards either the shortening or the lucidation of cross-examination.

MR NUGENT: Mr Chairman, we would also like to cross-examine this witness. We do not believe that we need to wait that long, but the thing that we would like Mr Chairman, and I make the request to you, is that a number of documents have been referred to by the witness, he says that he made (30)

numerous/...

K22.0836

- 575 -

VAN ZYL

numerous reports to his superiors. We are not aware of whether those reports have been provided to you or whether they have been called for, but we would request you Mr Chairman to, if necessary, use the power given to you by the act to obtain those documents and any other reports made by this witness to his superiors and as soon as we have got those we will be quite willing to carry on and cross-examine this witness.

CHAIRMAN: Mr Nugent, the act can give me whatever powers it wishes. So far the use of those powers have not led us (10) to any of these documents referred to.

MR NUGENT: Mr Chairman, that may well be so, but if that is going to be the response of his superiors to not provide the documents, we would like to know that as well.

CHAIRMAN: No, I can assure you that we have been unable to, apart from certain financial documents, we have not been able to locate or find any other documents.

MR NUGENT: Mr Chairman, may I just ask whether your commission

or those assisting you have asked for the documents that have been referred to by this witness in his (20) affidavit?

CHAIRMAN: I think we have asked them more than that.

MR NUGENT: Yes and do I understand then that the response has been that they will not be forthcoming?

CHAIRMAN: Their response as I understand it, is that they are not, they are in the possession of people who have disappeared.

CHAIRMAN: Mr McNally what do you propose, shall we stand over until Monday or do you wish to proceed.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, ek wil net aandui dat (30)
dit/...

K22.0899

- 576 -

VAN ZYL

dit vir die getuie self Maandag baie moeilik sal wees weens privaatreëlings wat getref is en ek sou dan wou voorstel dat daar na 'n dag later as die Maandag in elk geval gekyk word.

MR McNALLY: My learned friend, Mr Hattingh, spoke about normal way of doing things. In the Nofemela matter we established a new norm in that Nofemela was called and he was immediately cross-examined even though somebody who would give relevant evidence and relating to what he said, namely Coetzee had not yet at that stage been called. I do not believe that it can cause any embarrassment to my learned friend Mr (10) Hattingh if this witness is to be cross-examined before Calla Botha or whoever gives their evidence. That in fact is the normal way in which court proceedings are very often, are always dealt with.

CHAIRMAN: The idea of first only having the evidence-in-chief that is useful if the evidence is not that contentious, but once the evidence is contentious, I think the witness should as soon as possible be cross-examined.

MR McNALLY: Yes, I recognise the need for time that my learned friend Mr Hattingh has and I would certainly not (20) object to his being given the time that he requires. That would only be

reasonable and if Tuesday next week is the earliest time that is suitable to the parties, then so be it.

MR NUGENT: We would like the cross-examination of this witness to start as soon as possible. I am not sure in what order you are going to cross-examine, allow him to be cross-examined, but if my learned friend Mr Hattingh is going to cross-examine first we would like to start as soon as possible.

CHAIRMAN: Yes, I think Mr Hattingh ought to start first. (30)

Because/...

K22.0979

- 577 -

VAN ZYL

Because I think the allegations are actually made, he is in the sense a defendant as far as that is concerned and ...

(tussenbei)

MNR. DU TOIT: Mnr die Voorsitter mag ek net byvoeg dat ek self Dinsdag ook die 27ste nie beskikbaar is nie en dan die Woensdag, die 28ste en die 29ste sou verkies as dit moontlik is. Ek verstaan ook dat dit die kliënt weens sy privaatreëlings wat ek nie nou wil noem nie, beter sal pas van die 28ste, die Woensdag dan.

VOORSITTER: Ons het meer spoed nodig. (10)

MNR. DU TOIT: Wel my kliënt is nou beskikbaar en sover as wat dit my betref is ek ook vir môre beskikbaar as hulle kon begin.

VOORSITTER: Ek sal die saak na Donderdag laat afstaan vir kruisondervraging. Ek is jammer as dit die partye verontrief, maar ongelukkig is daar geen ander manier wat ek dit vinniger sal kan doen nie en ek dink die volgorde sal wees dat mnr. Hattingh moet begin en daarna sal ons soos dit pas reël, maar ek dink dit is beter as u begin mnr. Hattingh.

MR McNALLY: Mr Chairman, to use Mr Nofemela's terminology(20) can we then have an off tomorrow and start again on Wednesday.

COMMISSIONER: Spend tomorrow with private enterprise.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 21 MAART 1990.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.